
# Elton amper-famous April en Juffrou Brom

## Carin Krahtz

**Tafelberg, 2015**




"Die boek raak jou na aan die hart. Dit is nie net baie goed geskryf nie, maar deurspek met humor en 'n duidelike en geloofbare verklaring dat die menslike gees nie blusbaar is nie."
– Lona Gericke –

Hierdie gids mag na goeddunke gekopieer en gebruik word.

## Inhoudsopgawe


| | Bladsy |
|---|---|
| Voorwoord | 3 |
| Biografiese inligting oor die skrywer | 4 |
| Opsomming van die roman | 5 |
| Die boek se omslag | 6 |
| Elemente in die bou van die roman | |
| • Karakterisering | 7 |
| • Milieu (Ruimte) | 9 |
| • Vertellersperspektief | 10 |
| • Intrige | 11 |
| • Die fases van die intrigue | 11 |
| • Konflik | 12 |
| • Styl | 12 |
| • Die morele les | 13 |
| Kort opsommings van elke hoofstuk | 14 |
| Inhoudelike vrae | 22 |
| Memoranda van inhoudelike vrae | 40 |
| Interpretasie van die slothoofstuk | 44 |
| Het jy geweet? | |
| • Pampoen | 48 |
| • Bekende musiekkunstenaars wat as tieners reeds begin “rap” het | 48 |
| • Piramideskemas | 49 |
| Gedigte waarna die verhaal verwys | 50 |
| Toetse | |
| • Afleidings en voorspellings: ’n 10-punt toets | 54 |
| • Spel-Wel-kompetisie: ’n 10-punt toets | 56 |
| • Redigering: ’n 10-punt toets | 58 |
| • Karakterisering deur handeling: ’n 15-punt toets | 59 |
| • Karakterisering deur dialoog: ’n 20-punt toets | 61 |
| • Begripstoets: ’n 20-punt toets | 63 |
| • Pas kolom A by kolom B: ’n 10-punt toets | 66 |

- Luistertoets: ’n 15-punt toets 67

Memoranda vir toetse 69

Kreatiewe skryf (rubrieke ingesluit)
- Opstel 71
- Brief 75
- Resensie 79
- Koerantberig 81
- Dagboekinskrywing 85
- Advertensie 89

Mondelinge klas-aktiwiteite: voorbereid en onvoorbereid
- Dialoë (voorbereid) 92
- Monoloë (onvoorbereid) 93
- Hakkelrympies (vir die pret) 93
- Meningsvorming deur informele bespreking 93

Het jy geweet Elton is op Facebook? 95

Blokraaisels (soeklees en vluglees)
- Blokraaisel 1: bl. 7 – 27 96
- Blokraaisel 2: bl. 28 – 51 97
- Blokraaisel 3: bl. 51 – 75 98
- Blokraaisel 4: bl. 76 – 102 99
- Blokraaisel 5: bl. 103 – 140 100

Antwoorde vir blokraaisels 101

Woordsoeke (soeklees)
- Woordsoek 1 103
- Woordsoek 2 104

Bronne 105

## Voorwoord

Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Hoewel die gids geskryf is met Graad 7 Huistaal as hooffokus, is dit ook bruikbaar as ’n gids vir ouer leerders – veral Graad 8 en 9 Eerste Addisionele Taal – omdat dit ’n eenvoudige manier bied waarop die wêreld van die letterkunde vir leerders – in hierdie grade ontsluit kan word.

Waar Huistaal-onderwysers die hele verskeidenheid vrae en aktiwiteite kan benut, sal Eerste Addisionele Taal-onderwysers waarskynlik sekere aanpassings moet maak met betrekking tot die moeilikheidsgraad van sekere vrae. Indien die gids vir ander grade as graad 7 gebruik word, is dit die onderwyser se verantwoordelikheid om die relevante rubrieke te gebruik.

Die gids begin met biografiese inligting oor die skrywer. Daarna volg ’n aantal vrae oor die omslag, die eerste kommunikasie met die leser, omdat leerders dikwels hierdie inligting ignoreer of nie verstaan nie. Dit dien as goeie inleiding tot die lees van die boek.

Dan volg ’n bespreking van die elemente waaruit ’n roman opgemaak word. Teksverwysings word gegee sodat die onderwyser vir leerders konkrete voorbeelde van hierdie elemente uit die teks kan gee.

Daarna word die verhaalgegewe hoofstuk vir hoofstuk opgesom, gevolg deur inhoudelike vrae met memoranda.

Die slothoofstuk kry meer spesifieke aandag om leerders bewus te maak dat die verhaal se gelukkige einde nie so voor die hand liggend is as wat dit blyk nie. In hierdie bespreking word die jong leser geleer om die oppervlak van ’n verhaal oop te grawe en die dieper betekenis van ’n roman te ontgin: niks in ’n roman staan immers bloot toevallig daar nie!

Interessantheidsonthalwe volg daar ’n afdeling met prettige feite oor pampoen en “rappers” wat as tieners reeds bekendheid verwerf het. Die piramideskema in die verhaal het rampspoedige gevolge, nie net (soos verwag) vir Elton en sy ma nie, maar ook (verrassend) vir juffrou Brom en lede van die gemeenskap waaruit Elton kom. Ter illustrasie van hoe werklik sulke skemas in ons land is, bied die gids ’n uittreksel uit ’n voorbeeld van ’n koerantberig oor een so ’n skema.

Die gids bevat ’n aantal toetse oor verskillende aspekte: van taalkonvensies en spelling tot leesbegrip en insig. Hierdie toetse bied ’n verskeidenheid vlak 1- tot 4-vrae om die leser se taalvaardighede mee uit te brei. Luisteraktiwiteite, kreatiewe skryfvraestelle en mondelinge kan ook, soos in dié hoofstukke geïllustreer, tematies aansluit by die inhoud van die boek.

Lesers word ook bewus gemaak van Elton se Facebookblad. In die laaste plek is daar blokraaisels en woordsoek-aktiwiteite om leerders se soeklees- en vlugleesvaardighede spelenderwys in te skerp.

Ek hoop dat u die gids nuttig sal vind. Lekker lees!

*Carin Krahtz*

November 2015

## Biografiese inligting oor die skrywer

Carin Krahtz is in Pretoria gebore en voltooi haar skoolloopbaan aan die Oos-Rand. Sy studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en behaal in 1988 haar Honneursgraad in Joernalistiek met lof. Daarna werk sy 'n aantal jare in Kaapstad in die boekbedryf.

Sy verruil die Kaap mettertyd vir Gauteng en die boekbedryf vir die korporatiewe joernalistiek. In 2000 verwerf sy haar M.A.-graad in Afrikaans en Nederlands met lof aan die Universiteit van Kaapstad. Dié verhandeling ondersoek die verband tussen mitologie en die moderne kinderverhaal. In 2009 verwerf sy 'n onderwyskwalifikasie met lof aan UNISA.

Sy woon in Centurion en hou tans skool by dieselfde laerskool waar sy skoolgegaan het.

Sy publiseer 'n aantal kinderboeke wat hoofsaaklik in die skolemark gebruik word. ***Elton amper-famous April*** is haar eerste jeugroman.

## Opsomming van die roman

Elton April is ’n graad sewe-leerder aan Laerskool Jakaranda. Hy loop gevaar om die jaar te druip: hy is dikwels laat, vergeet om huiswerk en take te doen en vaar nie goed in toetse nie. Niemand weet dat hierdie gedrag ’n uitvloeisel van sy swak huislike omstandighede is nie.

Sy ouers is geskei. Hy en sy ma (Beryl) woon in Pretoria waar sy by ’n staatshospitaal verpleeg. Sy pa (Jimmy) woon in Oudtshoorn en dien in die weermag. Volgens Elton sal hy binnekort ’n generaal wees. Hy verlang hom dood na sy pa en droom oor hoe hy geld bymekaar gaan maak om vir ’n vakansie in Oudtshoorn te kan gaan kuier.

Sy verlange word aangevuur deur die feit dat sy ma ’n onbetroubare ouer is wat dikwels nie saans huis toe kom nie omdat sy glo deurnag werk. Elton weet dit is nie waar nie, want sy het voortdurend kêrels – die een slymeriger as die ander. Haar huidige kêrel (Terry) is ’n beleggingsadviseur wat beloof om haar en Elton ryk te maak. Elton vertrou nie die vrede nie. Hy en Terry kom ook glad nie oor die weg nie.

Om homself besig te hou wanneer sy ma nie by die huis is nie, speel Elton straatsokker saam met die kinders van sy woonstelblok. By die skool is hy ’n belowende rugbyspeler – totdat hy as gevolg van sy vriend Gert-Jan se manewales detensie moet sit en dan uitmwis op die ligawedstryd. Hy hoop ook om die eerste krieketspan te haal, maar weet nie waar hy geld gaan kry vir nuwe toerusting nie. Gelukkig het sy vriend Dawid en dié se ma goeie harte.

Intussen is mislike juffrou Visser (Vis) weg by die skool. Haar plaasvervanger is juffrou Broom, wat op die oog af selfs kwaaier as Vis is. Dit is nie lank nie of die hoofmeisie, Letitzia Kotze, dink vir haar die bynaam juffrou Brom uit. Onder leiding van Letitzia en haar beste vriendin (Anneke Pienaar) ontstaan ’n skinderstorie oor juffrou Brom se privaatlewe: sy is waarskynlik ’n heks wat besig is om pampoene te kweek vir Halloween en sy is in ’n liefdesverhouding met Elton se voogonderwyser, meneer Wolmarans (Wolles) betrokke. Haar sogenaamde eks kry die naam Bakkieboef en die kinders hou dié kwansuise liefdesdriehoek met belangstelling dop.

Op ’n ongewone manier leer juffrou Brom vir Elton en sy vriende dat Afrikaans ’n vak vol pret en kreatiwiteit kan wees. Hy leer ken digters, sangers en skrywers en waag dan sélf sy hand aan die skryf van gedigte en hakkelrympies.

Terwyl Elton meer entoesiasties oor sy skoolwerk raak en begin moed skep dat hy graad sewe sal slaag, beleef hy talle terugslae: hy wen nie die geld vir ’n buskaartjie om by sy pa te kan gaan kuier nie, die kriekettoerusting wat Dawid vir hom koop, word gesteel, die meisie op wie hy verlief raak, haat hom omdat hy haar in die steek laat, hy slaap soms honger, nat en koud en sy ma beland in die allervreeslikste penarie.

Einde ten laaste kom die waarheid aan die lig en besef Elton dat hy sy ore uitgeleen het aan skinderstories oor Bakkieboef, Wolles en juffrou Brom. Hy besef hoe Wolles en Brom altyd sy beste belange op die hart dra. Hy besef dat hy ’n kans staan om eendag beroemd te word. Hy skryf sy verhaal neer (en redigeer dit ook self) – vir in geval iemand hom in die toekoms vra waar dit dan begin het dat hy beroemd geword het. Hy skryf dit ook neer vir juffrou Brom en sy pa om te lees sodat hulle trots op hom kan wees.

## Die boek se omslag

(Let wel: die meeste van hierdie vrae het ten doel om die leerder te kry om sy menings met vrymoedigheid met die klas te deel.)

Bestudeer die boek se voorblad en bespreek dan die volgende vrae as inleiding tot die lees van hierdie jeugroman:

1. Wie is die boek se outeur?
2. Wat sê die naam Juffrou "Brom" vir jou oor die karakter?
3. Wat kan jy aflei omtrent die seun in die foto op die omslag?
4. Wat dink jy beteken die krieketbal en –kolf in die foto?
5. Waarom dink jy is die muur in die agtergrond geel?
6. Waarom dink jy word die naam ELTON APRIL in rooi hoofletters gedruk?
7. Wat dink jy is die doel van die gebroke lettertipe vir Elton se naam?
8. Waarom dink jy is "amper-famous" in ’n kleiner, swart lettertipe gedruk?
9. Die "en" wat in ’n kring in wit op swart gedruk is, laat dit uitstaan in die titel asof dit belangrik is. Waarom dink jy is dit so?

Bestudeer die rug (die "spine" in Engels) van die boek en bespreek dan die volgende vrae daaroor:

1. Wat beteken die klein illustrasie op die rug? (Dit verskyn ook op die boek se agterblad.)
2. Waarom dink jy is die woorde Elton April in geel gedruk?
3. Dink jy die grysbruin agtergrond is geslaagd? Hoekom sê jy so?

Bestudeer die agterblad van die boek en bespreek dan die volgende vrae daaroor:

1. Wat is die werk van die outeur in die skep van ’n roman?
2. Wie is die uitgewer van die boek?
3. Waar kan jy meer te wete kom oor die uitgewer se jeugfiksie?
4. Waarvoor staan ISBN?
5. Wat is die werk van die uitgewer in die skep van ’n roman? (Doen vir die pret bietjie navorsing oor die proses van boekmaak!)
6. Wat is die doel van die strepieskode en waarom staan die woord "Jeugfiksie" bo die kode?
7. Waarom word die laaste paragraaf in geel in plaas van wit gedruk?
8. Wat dink jy is die belangrikheid van die krieketpaaltjies wat op die agterblad val?
9. Waarom dink jy word die teks skuins oor die bladsy gedruk in plaas van reguit?
10. Die lokteks op die agterblad moet ’n potensiële leser lus maak om die boek te lees. Dink jy hierdie lokteks slaag daarin? Waarom sê jy so?

## Elemente in die bou van 'n roman

### Karakterisering

Karakters is die mense in die verhaal. Daar is altyd 'n **hoofkarakter** om wie die gebeure draai. In hierdie geval is dit Elton April. Sy karakter is rond of **driedimensioneel**; d.w.s. ons leer ken sy goeie én sy slegte eienskappe. Dit is hierdie wye spektrum van eienskappe wat maak dat hy vir die leser soos 'n regte mens voel met wie die leser soms empatie kan hê.

Wanneer daar **konflik** is, is die hoofkarakter gewoonlik betrokke. Dink maar aan Elton se woordewisselings met:

- sy ma – ble. 91, 92, 100 en 113,
- Dawid en Gert-Jan – ble. 57, 58 123 en
- Terry – bl. 99.

'n Hoofkarakter kan ook **innerlike konflik** beleef, soos wanneer Elton verlief raak op Letitzia en nie wil hê sy vriende moet daarvan uitvind nie(bl. 97). Tog probeer hy aan 'n plan dink om hulle te oortuig dat sy 'n lid van Die Miskruiers moet word. Hy beleef ook innerlike konflik wanneer Mister Reddy hom huis toe stuur omdat hy te siek is om te werk. Hy moet sy bes probeer om Mister Reddy nie te laat skuldig en verantwoordelik voel vir die gemors in sy privaatlewe nie (bl. 82 – 83).

'n Hoofkarakter **groei** ook gewoonlik. Aan die begin leer ken ons Elton as iemand wat nie lus is vir skoolgaan nie omdat hy weet hy presteer swak (bl. 9). Dit, tesame met sy swak huislike omstandighede, beïnvloed sy selfbeeld negatief (bl. 61). Juffrou Brom leer hom egter om sy talente ook raak te sien (bv. ble. 55 en 65) sodat hy aan die einde van die verhaal die selfvertroue en die lewenslus het om in die voorwoord van sy storie (wat hy "Naskrif" noem) daarvan te droom om eendag 'n beroemde skrywer, kletsrymkunstenaar én krieketspeler te word. Vir die leser klink die droom dalk te groot; vir Elton klink dit heeltemal haalbaar.

Die **bykomende karakters** is **tweedimensioneel** of **plat**. Dit beteken dat hulle gewoonlik nie groei nie. Nie een van hulle is nie een so belangrik soos die hoofkarakter nie.

In hierdie verhaal is juffrou Broom die belangrikste bykomende karakter omdat haar vreemde manier om haar oor Elton te ontferm daartoe lei dat Elton moed skep vir die lewe. Dit is nie vir ons belangrik om haar ten volle te leer ken nie. In teendeel: dit is júís omdat die leser nie alles van haar af weet nie dat hy verder wil lees om bv. die raaisels rondom haar sogenaamde liefdesdriehoek en die pampoenplantjies op te los.

Letitzia is 'n goeie voorbeeld van 'n plat karakter. Sy is bitsig, snobisties, kompeterend en beterweterig. As die leser nie vir 'n kortstondige wyle haar sagter kant sien wanneer sy met Elton oor haar pa praat nie (bl. 95), sou sy so goed soos 'n karikatuur wees.

Ander bykomende karakters in die verhaal is Elton se ma, Terry, Dawid, Gert-Jan en Lesedi. Anneke, Wolles, Mister Reddy en Jireh is **randfigure** wat die verhaal inkleur, maar nie veel doen om die verhaalgegewe vorentoe te dryf nie.

Die protagonis is die held of die goeie ou in die verhaal. In hierdie boek is dit Elton. Die **antagonis** is die protagonis se vyand. In hierdie geval is dit allereerstens Terry wat soveel hartseer in Elton en sy

ma se lewens veroorsaak. Ná die kinkel in die verhaal besef ons dat hy ook die antagonis in juffrou Broom en haar familie se lewens is.

Letitzia, Anneke en Gert-Jan is ’n mindere mate antagoniste in Elton se lewe.

<u>Hoe bou ’n skrywer karakters</u>?

’n Skrywer gebruik verskeie metodes om ’n karakter te skep. Elke metode is ’n leidraad wat die leser help om die karakter te kan visualiseer en verstaan en om die karakter te laat verlewendig.

Hier is ’n paar metodes:

- **Name:** Name gee dikwels vir die leser ’n vooropgestelde idee van ’n karakter omdat hy reeds een of ander assosiasie met die naam het.
  Elton is bv. vernoem na die sanger **Elton John**, wat reeds vir die leser ’n aanduiding is van sy moontlike sangtalent. Sy tweede naam is **“amper-famous”**, wat onmiddellik vir die leser vertel dat hy of sy hier te make het met iemand wat nog nie wêreldberoemd is nie, maar waarskynlik op pad is na roem en bekendheid. (Dit is natuurlik nie heeltemal waar nie, maar Elton is so trots op sy prestasies dat hy beroemd voel.)
  Die feit dat Broom na **“besem”** verwys, versterk dadelik die karakters se vermoede dat sy ’n heks is – veral wanneer sy ook heel handig met ’n besem is, haar klas oranje verf en pampoenplantjies op die vensterbank kweek. Wanneer die leser haar **bynaam “Brom”** in die titel lees, weet hy of sy ook dadelik dat hulle hier nie met ’n ooglopend vriendelike onderwyseres te doen het nie.
  Die kort klanke in Letitzia se naam verklap iets van haar bitsige persoonlikheid. Wanneer die seuns dit later tot **“Titz”** verkort, is daar ook ’n spottende konnotasie met haar liggaamlike ontwikkeling.
  Een van Elton se eerste konnotasies met Anneke “die naprater” is dat sy vir Letitzia soos Paris Hilton se skootbrakkie is. Daarom dink hy deur die loop van die verhaal verskeie kere vir Letitzia en Anneke byname uit. Sien bv. ble. 31, 39, 41, 47, 101, 107, 108 en 128 en lees wat hy en Dawid op bl. 36 met die twee meisies se vanne maak.
  
  **Die sosiale vlinder Paris Hilton en haar skoothond.**
  Wolles is meneer Wolmarans se bynaam. Sy bynaam vertel ons meer van sy ongeskeerde baard (bl. 45).
  Dawid is Elton se boesemvriend, net soos Dawid in die Bybel Jonatan se beste vriend is (bl. 104).
- **Dialoog:** Uit **gesprekke** kan ons baie omtrent karakters se persoonlikhede aflei.

- Juffrou Broom raak nie maklik emosioneel wanneer sy met die leerders praat nie. Ten spyte van die leerders se optrede teenoor haar bly sy professioneel (sien bv. bl. 14, 21 en 47) en kan niemand haar daarvan beskuldig dat sy iemand voortrek nie.
  Die telefoongesprekke tussen Elton en sy pa is altyd monoloë eerder as dialoë (vgl. ble. 53 en 114 – 115), want die leser hoor nooit Elton se pa se stem nie. Hieruit kan hy of sy aflei dat die pa-figuur in Elton se lewe totaal afwesig is. Daarteenoor onthul Elton se gesprekke met sy ma dat sy ’n dromer (bl. 52) en gefrustreerde enkelouer is (bl. 92).
  Wanneer Letitzia haar vir Elton vererg omdat hy hul taak-inligting by die huis vergeet het, raak sy allerhande dinge kwyt wat die leser laat besef dat sy nie ’n waardige hoofleier is nie (bl. 101). In skrille kontras teenoor haar staan die hoofseun, Lesedi, wat Gert-Jan sag, dog ferm, op sy plek sit wanneer hy Elton oor sy gebrande hemp spot (bl. 93).
  Die konflik tussen Elton en Terry (bl. 99) dra by tot spanning in die verhaal. Dit maak die leser bewus van die feit dat Elton se (reeds) onbetroubare ma sal moet kies tussen haar kind en Terry.
  Die gesprek tussen Elton en Dawid nadat hulle die CD by Jireh laat sny het (bl. 123 – 124) bewys bv. dat hulle boesemvriende is wat nie lank vir mekaar kwaad kan bly nie. Op bl. 50 kom Dawid ook op vir Elton se ma wanneer Gert-Jan haar luidkeels beledig.
- **Beskrywings:** Beskrywings help die leser om die karakters te visualiseer en geloofwaardig te maak.
  Die beskrywing van hoe juffrou Broom lyk (sien ble. 7, 8 en 11), dra bv. by tot die misterie rondom haar karakter.
  Ons leer Terry ken uit die algemene beskrywing van Elton se ma se kêrels (sien bl. 50). Die beskrywing van Elton se ma se onwelvoeglike kleredrag (bl. 50) sê baie van die tipe ma wat sy is.
  Elton se beskrywings van Letitzia wat strek vanaf “kriek in ’n leë koekblik” tot by haar mooi stem (bl. 90) en haar pragtige treinspoordraadjies (bl. 98) maak dat die leser ’n goeie idee het van wie sy is en hoe sy gaan optree.
- **Handeling:** Dit is **aksies** van ’n karakter.
  Elton se ma verdwyn tydig en ontydig (bv. bl. 43, 70 en 112), wat tekenend van haar onbetroubaarheid is.
  Die verhaal vertel die leser bv. nie veel van Terry nie. Maar uit sy optrede (sien ble. 52 en 99) weet die leser dat hy niemand se respek waardig is nie.
  Wanneer Letitzia ’n “tekkie kook” na meneer Wolmarans toe (bl. 101) sien die leser ook watter tipe hoofmeisie sy is.
- **Gedagtes:** Gedagtes vertel dikwels meer van ’n karakter omdat dit **privaat** en dus sonder inhibisies is. Omdat Elton se verhaal in die eerste persoon vertel word, weet die leser alles wat hy van almal dink en word dit vir die leser makliker om bv. te sien hoeveel humor daar in die karakter steek. (Dink bv. aan sy gedagtes wanneer hy besef dat hy verlief is op Letitzia – bl. 95.)

## Milieu (Ruimte)

Die milieu is die **agtergrond** waarteen ’n verhaal afspeel. Dit het niks met die skrywer se agtergrond te doen nie.
Die verhaal van Elton speel af in ’n arm woonbuurt sodat sy haglike omstandighede enersyds daardeur beklemtoon kan word en andersyds daartoe kan bydra dat die leser Elton teen die einde

van die verhaal bewonder omdat hy bo sy omstandighede uitstyg. So word die idee versterk dat Elton ’n held is.
Kyk na die beskrywings van die buurt op bl. 52 en 68 en na dít wat oor Elton en sy ma se woonstel gesê word (bl. 92 en 99). Wanneer juffrou Broom en Wolles hom by die huis wil gaan aflaai, jok Elton oor waar hy bly omdat hy te skaam is vir die deel van die buurt waar hy bly (bl. 84).
Die Afrikaanse klaskamer (die “Pampoenpaleis”) word die agtergrond vir die misterieuse element in die storie. Op bl. 19 en 107 word bv. verwagtinge van iets spookagtigs of hekserig geskep wat bydra tot die raaisels en gissinge rondom wie en wat juffrou Broom werklik is.
Die verhaal speel af in Pretoria, waar Novembermaande gekenmerk word deur die pers blommetjies van die jakarandabome. In die slothoofstuk is dit gepas dat die jakarandas pers blommetjies “huil”: enersyds is dit simbolies van die verlies wat die leser (en Elton) ervaar omdat juffrou Brom weggaan. Andersyds dui dit op die feit dat die verhaal moontlik nie so gelukkig gaan eindig soos Elton dit op daardie oomblik ervaar nie.



**Elton en sy ma se woonstelblok lyk moontlik soos die een op die foto hiernaas.**

## Vertellersperspektief

Die verteller en die skrywer is nooit dieselfde mens nie – tensy mens jou eie lewensverhaal (outobiografie) skryf.
Daar is twee soorte vertellers: die **eerstepersoons-** of **ek-verteller** en die **derdepersoonsverteller**.
Die eerstepersoonsverteller is een van die karakters in die verhaal en word dus geraak deur die emosies, handelinge en denke van die ander karakters. Die derdepersoonsverteller is ’n onafhanklike waarnemer, ’n soort buitestander – amper soos ’n kameraman wat alles verfilm wat gebeur. Hierdie verteller is alomteenwoordig en weet alles.
Elke vertellersperspektief het sy voor- en nadele, soos in die tabel hieronder uiteengesit:

| Vertellersperspektief | Voordele | Nadele |
|---|---|---|
| Eerstepersoonsverteller | Die verteller gee ’n persoonlike weergawe van die gebeure waarin hy of sy ook emosies en menings kan openbaar. So ’n verhaal is dikwels introspektief wanneer die verteller met sy innerlike konflikte wroeg. | Die verteller weet nie wat ander karakters dink of doen nie. Die leser kry dus beperkte inligting oor hul doen en late en gedagtes. |
| Derdepersoonsverteller | Omdat die verteller in almal se koppe kan sien en van alle gebeure weet, kry die leser ’n geheelbeeld van wat in die verhaal gebeur. | Die vertelling is nie altyd so opreg en eerlik soos dié van ’n eerstepersoonsverteller nie. |

Elton se verhaal is ’n eerstepersoonsvertelling wat in die vorm van ’n outobiografie vertel word. Juffrou Brom het Elton so baie selfvertroue oor sy Afrikaans gegee dat hy nie net die verhaal vertel nie, maar dit ook self in die kantlyn redigeer: hy korrigeer taal- en spelfoute (of ook nie!), lewer kommentaar op sy foute, skryf byskrifte oor sy gevoelens en teken ook sketse ter verduideliking van wat in die storie gebeur.
Dit neem die leser nie lank om Elton deeglik te leer ken nie: sy aksent, sy humoristiese sê- en dinkgoed, sy taalfoute, sy kantlynkommentare, sy geïrriteerdheid met Letitzia en sy belewing van juffrou Brom se aweregse manier van klasgee is maar enkele voorbeelde van hoe die karakter homself aan die leser openbaar.

## Intrige

Die intrige is die **chronologiese volgorde** van gebeure in die verhaal.
Hierdie verhaal handel in die eerste plek oor Elton se lewe en hoe hy op skool sukkel omdat hy ’n onbetroubare ma en ’n onbetrokke pa het. Ons noem dit die **hoof-intrige**. Sy akademiese toekoms lyk donker totdat juffrou Broom op die toneel verskyn. Op haar eiesoortige manier leer sy vir Elton ’n liefde vir die taal en kweek sy by hom selfwaarde en selfvertroue. Elton leer ken haar as iemand heel anders as die heks en listige vrou van die kinders se skinderstories. Ten slotte slaag hy graad sewe en gaan juffrou Brom weg. Hy is egter goed voorberei om in die hoërskool selfstandig sonder haar te kan funksioneer.
In die tweede plek handel die verhaal oor die piramideskema waarby Elton se ma betrek word as gevolg van haar romantiese verbintenis met die skema se meesterbrein. Hierdie is die **sub-intrige**. Vanweë die eerstepersoonsvertelling is die leser deurgaans bewus van Elton en sy ma se finansiële broosheid as gevolg van Terry, maar die leser (nes Elton) weet nie dat ook juffrou Brom, haar familie en die gemeenskap om die skool ook slagoffers van die skema is nie. Dit is eers heel aan die einde in die ontknoping van die verhaal dat hierdie inligting aan Elton (en die leser) bekend word. Terugskouend besef die leser dat hy of sy telkemale deur die loop van die verhaal voorberei is op die verrassende elemente wat aan die einde onthul word.

## Die fases van die intrige

1. **Die motoriese moment:** Die gebeure wat die verhaal aan die gang sit, word die motoriese moment genoem. Dit is ook die plek waar die spanningslyn begin. In Elton se verhaal is dit die dag waarop die Jakkies ’n nuwe Afrikaanse onderwyseres kry met ’n van wat al te hekserig klink.
2. **Plot/Intrige:** Die skrywer skryf die verhaal chronologies en konflik en spanning kom voor. Die hoof-intrige handel oor Elton wat skolasties swak presteer vanweë sy haglike huislike omstandighede. Hy probeer dit so goed moontlik privaat hou. Die leser antisipeer hoe sy omstandighede gaan versleg wanneer Elton se ma ’n slagoffer van ’n piramideskema word. Die sub-intrige handel oor die sogenaamde liefdesdriehoek tussen juffrou Brom, Wolles en Bakkieboef en die piramideskema waarin dié karakters en die gemeenskap verstrik raak.
3. **Klimaks/Hoogtepunt:** Die spanningslyn bereik breekpunt wanneer Terry gearresteer word en die leser besef dat Elton en sy ma nou sonder ’n sent op straat sit. Juffrou Brom en Mister Reddy ontdek Elton in die Spar se buitetoilet en Elton vind uit dat juffrou Brom en haar familie ook slagoffers van Terry se piramideskema is.

4. **Ontknoping:** In hierdie deel van die verhaal word die los drade saamgevat. Elton vind bv. uit waarom juffrou Brom haar klas oranje geverf het, wat sy met die pampoenplantjies wil doen en dat Bakkieboef haar man en Wolles haar broer is.
5. **Slot:** Dit is hoe die verhaal **eindig**. Juffrou Brom gaan weg, Elton wen ’n prys wat hom moed gee vir sy hoërskooljare en Elton sien uit na sy pa se kuier.

## Konflik

Konflik is die **wrywing** of **onmin** wat tussen karakters ontstaan of die **innerlike wroeging** wat ’n karakter met hom- of haarself beleef. Konflik dra grootliks daartoe by dat “die volgende krisismoment” in die verhaal plaasvind. Dit dryf dus die storielyn vorentoe omdat die leser wonder hoe die krisis opgelos gaan word en hy of sy wil graag verder lees.
In Elton se verhaal is daar talle voorbeelde van konflik tussen karakters:

- Elton en Letitzia
- Elton en Gert-Jan
- Juffrou Brom en Letitzia
- Elton en sy ma
- Elton en Wolles
- Elton en Dawid
- Elton en Terry
- Terry en Elton se ma
- Elton en Jireh

Dit is veral Elton se konflik met sy ma en Terry wat die storielyn tot krisispunte dryf.
Elton beleef ook konflik met homself, bv. wanneer hy onverwags op Letitzia verlief raak. Hy wil graag sy pouses saam met haar deurbring, maar weet sy vriende sal hom spot en/of verwerp.
Dit is egter waarskynlik die vermoede dat sy pa net so ’n slegte ouer soos sy ma is wat Elton sy grootste innerlike konflik besorg. Omdat hy homself nie met hierdie gruwelike waarheid kan konfronteer nie, versin hy vir homself ’n storie dat sy pa “amper” ’n generaal is en skep hy ’n droomwêreld waarin sy pa nie net ’n verhoging kry waarmee hy vir Elton ’n buskaartjie gaan koop nie, maar ook ’n sekretaresse kry omdat hy so vinnig opgang maak deur die range. Aan die einde van die verhaal erken hy teenoor die leser dat hy nie so seker is sy pa het gesê hy is al amper ’n generaal nie (bl. 137).

## Styl

Styl het te make met die **manier waarop die storie vertel word** eerder as met die inhoud. Dit is die “hoe” eerder as die “wat” van die verhaal.
Omdat Elton ’n tienerseun is wat nie standaard Afrikaans ken nie, is die verteltrant informeel, gemaklik en hier en daar met Engels gemeng – dus tipiese tienertaal. Die verhaal word in die eerstepersoon vertel, wat daartoe bydra om Elton se karakter sommer in die eerste hoofstuk al te vestig: dit is duidelik dat sy taalgebruik en sy uitkyk op die lewe kreatief en uniek is. Dít maak dat die leser maklik by die storie ingetrek word, want dit voel asof Elton met hom of haar praat.
Elton verduidelik dat hy die verhaal as ’n outobiografie neergepen het. Met die deurlees van sy manuskrip het hy byskrifte, naskrifte, korreksies en sketse in die kantlyn gedoen. Hierdie handgeskrewe elemente (soms met groter foute as in die oorspronklike!) gee vir die boek ’n unieke styl en dra by tot die humor in die boek. Humor word telkemale as komiese verligting gebruik

wanneer die verhaal ’n hartseer of tragiese wending neem. Dink bv. aan Terry se gemene woorde en optrede op bl. 99 en 100. Elton sensor Terry se “snotkop” deur dit in die manuskrip dood te trek, maar wanneer hy die manuskrip redigeer, verduidelik hy waarom hy dit gesensor het: “Ek is niemand se snotkop nie,” sê hy sonder dat hy besef dat hy die gesensorde woord gebruik.

## Die morele les

Die morele les is die uiteindelike **boodskap** van die verhaal, dít wat die leser daaruit **leer**.
Die post-moderne kind se probleme is nie net legio nie, maar ook dikwels nie anders of minder ernstig as dié waarmee volwassenes moet worstel nie. Elton is ’n tekenende voorbeeld hiervan, want hy moet homself handhaaf in ’n disfunksionele enkelouergesin (sy pa is afwesig, sy ma onverantwoordelik en onbetroubaar), hy is die slagoffer van armoede en verwaarlosing en hy vrees/ervaar sosiale uitsluiting wanneer hy bv. nie kriekettoerusting het nie en die enigste een met ’n “baksteenfoon” (bl. 130) is.
Hoewel hy glo dat hy daarin slaag om ’n front voor te hou dat alles by die huis in orde is (sien bv. ble. 45 en 82), slaag hy nie daarin om goeie vordering by die skool te maak nie (ble. 9 – 10). Sy swak skoolwerk en haglike omstandighede het uiteindelik ’n negatiewe uitwerking op sy selfbeeld (vergelyk ble. 61 en 82).
Soos die verhaal vorder, hoop Elton se probleme op:

- sy ma se nuwe kêrel slaan aan hom,
- sy ma verdwyn gereeld en dobbel skynbaar haar geld saam met Terry uit,
- hy word sonder kos of geld alleen by die huis gelos – selfs wanneer hy siek is en nie medisyne het nie,
- sy kosbare kriekettoerusting word gesteel en
- hy en sy ma het nie meer blyplek wanneer Terry gearresteer word nie (die krisispunt van die verhaal).

Die leser bevind hom- of haarself in die posisie waar dit bykans onmoontlik blyk om te glo dat Elton se probleme opgelos kan word. Maar dan kom die uitkoms uit twee oorde: eerstens bied Wolles en sy vrou aan om Elton tydelik in hul karavaan te huisves en beskou Elton dit as sy beste blyplek ooit (bl. 137). Tweedens wen Elton nie net die geld vir sy koerantnaam nie (bl. 121), maar ook ’n prys by juffrou Brom én slaag hy graad sewe (al ís dit met ’n punt wat “ruim plek vir verbetering” laat! (bl. 138)
Hierdie klein “segetjies” sorg vir ’n herstel van sy selfbeeld en toekomsverwagting en gee hom die vrymoedigheid om opnuut te droom oor ’n beter lewe (sien ble. 7 en 140). Hierin lê dan ook die les van die roman, soos verwoord deur die resensent en jeuglektuurkenner Lona Gericke: **die menslike gees is onblusbaar**. Enigiemand wat soos Job in sak en as sit en ’n teken van hoop aangryp, sal daarin kan slaag om soos ’n Griekse feniks uit die as te herrys.
Die verhaal beklem egter nie net die moontlikheid dat ’n karakter homsélf kan ophef uit die lewensmaalkolk wat hom wil verslind nie, maar ook die belangrike rol wat newekarakters se woorde en dade (dikwels skynbaar onbeduidend) kan speel in die insig waartoe die karakter kom: “Ek <u>kan</u>, ek <u>sal</u> en ek <u>wil</u> die onmoontlike aandurf.” Wanneer juffrou Brom dus klein komplimentjies uitdeel (bl. 46 en 63), sorg dat Elton medisyne kry (bl. 83) en verbale boelies vasvat (bl.73), dra sy telkens daartoe by dat Elton geborge voel en meer in homself begin glo.
Dit is soos die Engelse spreekwoord sê: “A little kindness goes a long way!”

## Kort opsommings van elke hoofstuk

### *Naskrif (bl. 7)*

Wanneer Elton ’n prys by die prysuitdeling ontvang, besef hy dat niks in sy pad staan om eendag beroemd te word nie.  Om die waarheid te sê is hy rééds amper “famous”: hy speel goed rugby en krieket, hy sing mooi, hy het graad sewe agter sy naam én hy het al ’n prys of twee gewen.  Hy besluit om sy verhaal neer te skryf (en self te redigeer) net in geval hy eendag vir die pers moet verduidelik waar sy roem begin het. Hy skryf dit ook neer sodat juffrou Brom en sy pa trots op hom moet wees. Die naskrif dien as voorwoord tot die verhaal.

### *Nuus (bl. 8)*

Dit is die eerste dag van die tweede kwartaal. Elton sien nie kans vir skool nie, want juffrou Visser (Vis) gaan hom seker weer dop. Maar dan breek Letitzia Kotze, die hoofmeisie, die nuus dat juffrou Visser bedank het. Laerskool Jakaranda se graad sewes kry ’n nuwe Afrikaanse onderwyseres: juffrou Broom. Letitzia praat die klas bang met die nuwe juffrou wat glo baie kwaai is. Skielik staan juffrou Broom in die deur. Sy het alles gehoor wat Letitzia sê.

### *Nuwe besems (bl. 13)*

Juffrou Broom stel haarself bekend aan 7W. Almal is skrikkerig vir hoe sy lyk en hoe gemaklik sy met die besem is. Sy bewys dat sy reeds die leerders se name ken, iets wat Elton laat voel hy gaan swaarkry in haar klas. Die leerders help haar om die klas in te rig soos sy dit wil hê: alles oud en outyds word van die mure afgehaal, die woordeboeke word gebêre en die tasse buite gelos. Dit is hierdie andersheid, tesame met die feit dat sy haar selfoonnommer aan die leerders uitdeel, wat Elton laat moed skep dat sy nie so kwaai is as wat sy lyk nie. Wanneer sy aan die einde van die periode beloof hulle begin die volgende dag met diktee, glo Elton sy gaan vir hulle tee met kondensmelk gee.

### *Diktee (bl. 18)*

In saalperiode word die graad sewes herinner aan die eersdaagse entrepreneursdag. Elton beplan om kondensmelkspuite te verkoop omdat sy ma vir hom spuitnaalde by die hospitaal kan kry. Juffrou Broom se klaskamer is intussen oranje en pers geverf. Anneke en Gert-Jan wonder of dit iets met Halloween te doen kan hê. Juffrou Broom laat die leerders diktee skryf en Elton besef dit het niks met teedrink te make nie. Letitzia wip haar oor die onregverdige toets. Na afloop van die periode besluit sy om juffrou Broom te bel en te maak of sy haar ma is wat oor die toets wil kla. Terwyl die kinders om haar saamdrom om te hoor wat gebeur, sien niemand dat juffrou Broom van die eerste verdieping af vir hulle staan en kyk wanneer sy die foon antwoord nie.  Letitzia is ontsteld dat sy uitgevang is.

### *Juffrou Brom (bl. 23)*

Juffrou Broom verduidelik vir 7W waarom die dikteetoets nie vir punte tel nie. Sy maak die leerders vertroud met haar aweregse klasreëls en verduidelik die puntestelsel waarmee sy kinders aanspoor tot klasdeelname. Letitzia ignoreer haar na die episode met die selfoonoproep. Aan die einde van die periode dink sy die naam “juffrou Brom” uit. Elton en Dawid skryf dit in hul geheime sêgoedboek.

***Kompetisie (bl. 28)***

Mister Reddy van die Spar besoek die skool om die leerders uit te daag om aan die tekenkompetisie deel te neem. Die wenner ontvang R1000-prysgeld en hy en sy kunswerk word saam met sy klasmaats afgeneem vir 'n advertensiebord naby die Spar. Elton beoog om die geld te wen.

***Brom-Sherlock 1 (bl. 30)***

Letitzia vermoed dat juffrou Brom nie werklik getroud is nie. Al dra sy 'n ring aan elke vinger, is hulle volgens Letitzia te groot om ware diamante te kan wees. Sy en Anneke onderneem om uit te vind wie Hilda Broom werklik is.

***Brom-Sherlock 2 (bl. 32)***

Graad 7W loer vir Juffrou Brom af waar sy in die parkeerarea met 'n man staan en gesels. Sy begin huil, haal 'n ring van haar vinger af en gee dit vir die man wat in sy bakkie spring en wegry. Die man kry by Elton die naam Bakkieboef. Die klas sien ook hoe Wolles vir juffrou Brom gaan troos en spekuleer oor wat dié drie mense van mekaar kan wees. Juffrou Brom laat skryf die klas 'n opstel oor nuuskierigheid omdat hulle haar afgeloer het.

***SMS (bl. 36)***

Iemand stuur vir juffrou Brom 'n anonieme SMS asof dit van Wolles se vrou Erika af kom. Letitzia en Anneke ontken dat hulle iets daarvan af weet. Dié twee meisies se gedrag maak vir Elton en Dawid naar.

***Geld (bl. 37)***

Elton hoor sy ma praat oor geldsake met iemand oor die telefoon. Daar is nie kos in die huis nie. Wanneer Elton aanbied om Spar toe te gaan vir 'n lottokaartjie sê sy ma sy het 'n beter plan om ryk te word: sy gaan haar geld belê. Sy praat heelaand oor die geld wat sy gaan maak. Elton slaap liewer op die bank in die sitkamer as wat hy heelnag in die slaapkamer na haar moet luister.

***Taal wat leef (bl. 39)***

In reaksie op die anonieme SMS wat juffrou Brom ontvang het, laat sy die klas onverwags 'n toets skryf oor selfoon-etiket.

***Seltaal is weltaal (bl. 40)***

Juffrou Brom gee vir Elton 'n goeie punt vir sy antwoorde oor selfoon-etiket. Hy verdien 500 punte vir sy ry. Letitzia se ry kry geen punte nie. Sy storm by die deur uit wanneer juffrou Brom haar direk oor 'n antwoord kritiseer; Anneke hardloop agterna. Almal hoor Letitzia vir Anneke sê sy haat juffrou Brom. Dié gaan aan met die klas asof sy niks gehoor het nie.

***Die kriek in die koffie (bl. 43)***

Dit is entrepreneursdag. Elton word wakker en besef hy het verslaap. Sy ma het nie die vorige aand huis toe gekom nie – hy aanvaar sy moes deurnag werk. Dus het hy nie kondensmelkspuite nie. Juffrou Brom het klaarblyklik nie veel simpatie nie. Elton probeer dan om die blikke kondensmelk net so te verkoop, maar omdat hy nie 'n blikoopmaker het nie, kry dit nie veel aftrek nie. Juffrou Brom

kom onverwags tot sy redding met Wolles se Leatherman. Elton span saam met Dawid wat sukkel om sy lekkergoedpakkies te verkoop en gou verkoop hulle alles en maak goeie wins. Toe hulle oppak, kom Elton se ma aangehardloop met die spuite. Gert-Jan spot met hoe sy lyk en Lesedi pak hom beet. Elton glo nie sy ma het nagskof gewerk nie, want hy sien hoe sy saam met ’n slymbol in sy kar klim – seker ’n nuwe kêrel. Juffrou Brom beloof vir Elton se ry 500 punte vir sy uitdrukking “Daar’s ’n kriek in die koffie”.

***Slym (bl. 52)***

Wanneer Elton tuis kom van straatsokker af sit sy ma en die slymbol by die tafel. Sy stel hom voor aan Terry, ’n beleggingsadviseur wat hulle gaan ryk maak. Terry skud nie eens Elton se hand nie. Elton stel dus ook nie verder in hom belang nie en vra of hy sy pa kan bel. Hy vertel vir sy pa dat hy Mister Reddy se kompetisie gaan wen en met die geld ’n buskaartjie Oudtshoorn toe gaan koop om te kom kuier. Hy droom daarvan om dalk met die kleingeld ook vir hom krieket-kit en ’n sokkerbal te koop. Dié aand moet hy op die bank slaap, want Terry slaap oor by sy ma. Hy teken die hele naweek aan sy Spar-prent om uit Terry se pad te bly.

***Dit spyt ons waternat (bl. 55)***

Graad 7W gis steeds oor wat in juffrou Brom se privaatlewe aangaan wanneer sy ’n geheimsinnige oproep kry. Elton en Dawid verkoop pouse die spuite wat hulle nie vir entrepreneursdag gebruik het nie aan die kinders voor die snoepie. Gert-Jan wil ook geld maak en verkoop waterballonne. Die kinders spuit en gooi mekaar nat. Dan besluit Gert-Jan om ’n waterballon op juffrou Brom te gooi. Elton probeer keer, maar beland saam met Gert-Jan en Dawid in die moeilikheid. Die drie van hulle mag nie die rugbyligawedstryd gaan speel nie en moet by juffrou Brom detensie sit.

***Prys (bl. 60)***

Mister Reddy kom saam met twee manne van Spar af om die wenner van die tekenkompetisie aan te kondig. Dawid wen die geld, want hy het met pastelle geteken. Elton is vies, want hy besit nie pastelle nie. Hy weier om vir Dawid geluk te sê of saam met Mister Reddy ’n donut te eet. Toe die foto vir die advertensie geneem word, druk Gert-Jan sy hand voor Elton se gesig. Op die advertensiebord sien mens nie Elton se gesig nie, net Gert-Jan se hand.

***Noot vir noot (bl. 62)***

Elton, Dawid en Gert-Jan verwag om in juffrou Brom se detensieklas uitskryfwerk te kry. In plaas daarvan leer sy hulle hoe om hakkelrympies van spelwoorde te maak. Elton merk dat Dawid glad nie hakkel terwyl hy sing nie. Dit is duidelik dat juffrou Brom baie van Kaapse “rappers” af weet. Sy dink Elton het ’n goeie sangstem; hy sê dit is omdat sy pa hom na die Britse sanger Elton John (oor wie hy gek is) vernoem het. Juffrou Brom nooi hulle om hul hakkelrympies die volgende dag vir die klas te doen. Sy leen vir Elton ’n digbundel. Na afloop van die detensieklas dra die seuns haar goed na haar motor toe. Die sportkinders kom terselfdertyd terug van die ligawedstryde af en berig dat hulle gewen het. Bakkieboef wag juffrou Brom in. Toe hy ná hul gesprek wegry, begin sy huil. Die drie seuns wil haar gaan help, maar Wolles verskyn uit die bloute om haar te troos. Letitzia omskep dit weer in ’n skindergeleentheid en Dawid snou haar toe. Hy noem haar “Titz”.

***Honger (bl. 68)***

Elton kom honger by die huis. Daar is geen teken van sy ma óf kos nie. Hy SMS vir Dawid dat hy van die bynaam Titz hou en vra hom om verskoning dat hy nie geluk gesê het toe Dawid die Spar-prys gewen het nie. Hy SMS ook vir Gert-Jan sodat hulle weer vriende kan wees. Hy probeer sy ma en pa kontak; nie een van die twee reageer nie. Op die boks langs sy ma se bed sien hy Terry se besigheidskaartjie. Hy verkies om liewer juffrou Brom se digbundel te lees en is verstom om te sien hoeveel hy daarvan verstaan. Hy word die volgende oggend wakker van sy ma wat SMS dat sy vir hulle KFC vir aandete sal koop. Hy weet nie of hy dit moet glo nie, want sy ma maak dikwels leë beloftes.

***Die Miskruiers (bl. 71)***

Gert-Jan het sy dromme gebring vir die hakkelrympies. Die klas is opgewonde om na hulle te luister. Elton dink op die plek hul groep se naam uit: Die Miskruiers – na aanleiding van die Breytenbach-gedig wat hy die vorige aand gelees het. Lesedi wil graag deel wees van die groep en bied sy dienste as hip-hop-kampioen aan. Letitzia dink die groep is "zef". Juffrou Brom bewys dat sy nie net die woord zef ken nie, maar verwys ook na 'n groep wat volgens haar wérklik zef is. Vir Lesedi maak sy bewus van 'n swart Afrikaanse digter. Na afloop van die periode sê Lesedi vir sy maats hy sien juffrou Brom lees 'n boek oor groente – met 'n foto van 'n Halloween-pampoen. Dit laat Elton se nekhare kriewel. Elton maak weer Dawid se sin vir hom klaar en Dawid vererg hom bloedig.

***Onverskoning (bl. 76)***

Juffrou Brom begin die periode met die nuus dat 'n anonieme ouer vir die hoof 'n brief geskryf het om daarop aan te dring dat juffrou Brom die leerders om verskoning vra omdat sy gesê het hulle moet na Die Antwoord se musiek luister. Toe sy kantoor toe geroep word vir 'n dringende oproep verdink Gert-Jan Letitzia se ma. 'n Klasoorlog ontstaan. Toe juffrou Brom terugkom, vra sy plegtig vir die klas "onverskoning". Op die bord het sy die ouer se brief gekopieer. Die klas moet die foute daarin korrigeer – indien hulle dink dit bevat foute. Letitzia bêre haar pen, tevrede dat die brief foutloos is.

Elton se ma kook lekker aandete, want Terry kom kuier. Elton verskoon homself vroeg van die etenstafel en gaan sit in die kamer om sy pa te bel. 'n Vreemde vrou antwoord die foon. Hy aanvaar dit is sy pa se sekretaresse, want hy glo sy pa is al amper 'n generaal. Hy verduidelik dat hy nie die geld vir die buskaartjie gewen het nie. Sy pa kan nie langer praat nie, so sy vraag oor hoe hy die vakansie in Oudtshoorn gaan kom, word nie beantwoord nie. Hy leer vir sy Afrikaanse toets en ontdek die betekenis van die voorvoegsel on-. Hy besef dat juffrou Brom nie om verskoning gevra het nie en sms vir Dawid.

***Vakansie (bl. 81)***

*Elton se vriende is weg vir die vakansie. Hy kry griep. Sy ma belowe om die aand medisyne te bring, maar kom nie huis toe nie. Na drie dae is die kos in die woonstel ook op. Elton kry nie sy ma óf pa in die hande nie. Hy besluit om sy siek lyf Spar toe te sleep en Mister Reddy te vra of hy kan sakkies pak vir betaling sodat hy vir hom kos kan koop. Mister Reddy laat hom rakke pak, maar besef gou Elton is te siek om te werk. Hy gee hom R50 en stuur hom huis toe. Skielik staan juffrou Brom langs Elton in die winkel. Sy koop vir hom medisyne en bied aan om hom by die huis af te laai. Sy is saam met Wolles. Elton jok oor waar hulle hom moet aflaai, want hy is skaam oor waar hy bly.*

Toe hy by die woonstel kom, is sy ma terug. Sy dra ’n nekstut en sê sy was in ’n taxi-ongeluk. Elton se pa bel, maar die oproep word afgesny voordat hulle behoorlik kan praat. Elton ontdek ’n dobbel-“token” in die badkamer en besef sy ma het vir hom gejok oor die ongeluk.

***Maer (bl. 86)***

Dit is die eerste dag van die nuwe kwartaal. Juffrou Brom, Wolles en die Bakkieboef is saam by die skool. Almal wonder hoekom. Brom lyk baie maer. Letitzia ook: haar pa was die vakansie in ’n ernstige motorongeluk. Almal voel jammer vir haar. Juffrou Brom deel vir die klas die lys spelwoorde uit wat hulle vir die Spel-Wel moet leer. Die Miskruiers besluit om dit d.m.v. hakkelrympies te leer. In die wetenskapklas vra Letitzia om saam met Elton te werk. Hy kan sy ore nie glo nie. Sy vra hom uit oor sy pa en hy gee haar raad oor hoe om haar pa te hanteer. Elton voel ’n vreemde fladdering in sy maag.

***Kit (bl. 91)***

Elton vra sy ma vir nuwe krieket-kit terwyl sy staan en stryk. Sy sê hy moet wag tot haar belegging by Terry begin rente betaal. Elton maak dit duidelik dat hy nie in Terry glo nie en dat hy sy pa van Terry gaan vertel. Sy ma vererg haar, klap vir Elton en sê hy moet sy pa liewer vra waar die onderhoudgeld is. In die proses brand die vergete strykyster ’n “V” op Elton se skoolhemp se sak.

***Piramide (bl. 93)***

Elton jok en sê vir Wolles sy ma sê hy mag nie krieket speel nie. Hy wil nie erken dat hy nie kit het nie. Juffrou Brom wys vir die leerders die koerant se voorblad oor die oumense wat op straat sit en verduidelik vir hulle hoe ’n piramideskema werk. Die klas werk twee-twee saam aan ’n mondeling waarin hulle oumense is wat al hul geld in ’n piramideskema verloor. Letitzia moet saam met Elton werk. Sy het skielik vir hom ’n troetelnaam. Maar sy word kantoor toe geroep om by haar pa in die hospitaal te gaan kuier. Elton doen die mondeling alleen en kry vir hom en Letitzia honderd persent.

***Chemiese reaksie (bl. 97)***

Elton leer ken ’n ander sy van Letitzia en hou van wat hy sien, maar dit is vir hom belangrik dat sy vriende nie daarvan moet uitvind nie. Juffrou Brom leen vir hom ’n bundel liefdesgedigte. Wolles deel hom en Letitzia saam in vir ’n taak oor piramideskemas. Elton probeer die hele naweek sonder sukses vir Letitzia ’n liefdesgedig of liedjie skryf. Hy raak in ’n hewige rusie met sy ma en Terry betrokke omdat sy ma Terry uitneem vir ete, maar nie vir hom krieket-kit kan koop nie. Terry slaan aan hom en sy ma. Maandag daag hy sonder gedig, liedjie óf sy helfte van die piramideskemataak by die skool op. Dit is die einde van enige moontlike gevoelens tussen hom en Letitzia. Hy skryf ’n gedig daaroor en plak dit op in die klas.

***Krieket (bl. 103)***

Elton probeer sy bes om swak te speel in die krieketproewe sodat hy nie die span haal nie. Hy het steeds nie ’n kit nie. Dawid se ma daag op met ’n verrassing: sy en Dawid het met sy Spar-prysgeld vir Elton ’n nuwe kit gekoop. Elton word aangewys as kaptein van die eerste span.

***Eina! (bl. 105)***

Wolles dreig Elton met huisbesoek omdat hy altyd laat is vir skool. Elton vertel hom nie dat sy ma deesdae al minder by die huis slaap nie. Hy sien voortdurend casino-vuurhoutjies in die woonstel rondlê. Vandag was hy laat omdat sy ma net voor skool met geswelde bene huis toe gekom het en hom gevra het om haar voete te masseer wat so seer is van heelnag se staan en werk. Hy sluip met ’n ompad skool toe sodat die sekretaresse hom nie sien nie. Hy klim oor die agterste heining van die skool en val op sy stuitjie. Gelukkig sien niemand hom nie.

***Spel-Wel (bl. 107)***

Juffrou Brom se klas staan vol pampoenplantjies wat sy versorg en bestuif. Die kinders gis weer oor Halloween wat aan die kom is. Die Miskruiers beoog om pouses hul spelwoorde vir die Spel-Wel te oefen, maar verloor belangstelling toe die krieketseisoen spoed optel.
By die Spel-Wel val die seuns gou-gou uit. Wanneer Elton die woord “stuitjie” verkeerd kry, besef hy juffrou Brom het gesien hoe hy val toe hy oor die heining geklim het. Anneke wen vir Letitzia, wat woedend saam met haar ma by die saal uitstorm. Agter in die saal staan ’n misterieuse oer-ou tannie wat met niemand praat nie. Ná die Spel-Wel gee die Bakkieboef vir juffrou Brom ’n bos blomme en wens haar geluk met haar verjaardag. Elton is nie seker dat Wolles daarvan gaan hou nie.

***Trek (bl. 112)***

Elton ontdek dat sy ma by Terry ingetrek het sonder om vir hom te sê. Sy laat weet dat sy krieket-kit nie in Terry se motor kon pas nie. Sy het dit in ’n swartsak onder die trap weggesteek. Elton kry dit nêrens nie. Hy pak sakkies vir taxi-geld by Mister Reddy. By Terry se kasteelagtige huis aangekom, sien hy dat daar ’n groot partytjie is. Sy ma dra ’n mooi aandrok, maar lyk op haar senuwees. Elton besef alles is nie pluis nie: sy ma dink Terry bly al lank hier, maar die kelner sê Terry bly nog net ’n week hier. Hy bel sy pa om hom te vertel dat hy bang vir Terry is. Hy verwoord homself verkeerd en die gesprek tussen hom en sy pa is al weer ’n mislukking.

***Maerder (bl. 116)***

Elton is baie ongelukkig en onwelkom in Terry se huis. Hy bring sy vakansie in die Spar deur en pak sakkies vir sakgeld. Hy sien juffrou Brom twee keer in die Spar. Een keer saam met Bakkieboef, toe lyk sy baie maer en sy huil. Die tweede keer groet sy hom en klim saam met Wolles in sy motor. Elton verstaan nie wat tussen haar, Wolles en Bakkieboef aangaan nie.

***Oudisie (bl. 118)***

Die hoof nooi die graad sewes en die onderwysers om deel te neem aan die verskeidenheidskonsert vir die einde van die jaar. Elton hoor hoe Wolles vir juffrou Brom vra om saam met hom te dans. Sy stem teësinnig in, want sy vertrou nie die kinders se reaksie nie. Elke dag aktiwiteitsperiode oefen die leerders vir die konsert. Die Miskruiers doen ’n Rooikappie en Wolf- hakkelrym en Anneke en Letitzia doen ’n dialoog oor Paris Hilton en haar honde. Lesedi sê vir Elton sy generaal-pa sê Januarie kom ’n klomp weermaggrootkoppe van Oudtshoorn af Pretoria toe. Elton hoop sy pa is een van hulle.

***Koerant (bl. 120)***

Die skool se beheerraad bied prysgeld ter waarde van vyfhonderd rand aan vir die leerder wat die beste naam vir die skoolkoerant uitdink. Elton wen met “Jakaranda Veranda”. Hy weet hy moet sy

krieket-kit met die geld vervang, maar het eerder planne om sy pa te verras wanneer hy Januarie kom kuier.

***Backtrack (bl. 122)***

Elton jok vir Wolles by krieketoefening en sê hy het sy kit by die huis vergeet. Ná die oefening vra hy vir Dawid om saam met hom woonstelle toe te stap sodat hy vir Jireh kan vra om vir hom ʼn "backtrack" van ʼn Elton John CD te sny. Hy wil vir sy pa ʼn Elton-liedjie sing wanneer hy in Januarie kom kuier. Jireh is gerook en die seuns is bang vir hom. Die prys vir die CD is skielik nie meer driehonderd nie, maar vyfhonderd rand. Wanneer Elton daaroor stry, ruk Jireh ʼn mes uit. Elton sien sy krieketbat in die hoek van Jireh se kamer staan, gooi die geld op die vloer, gryp sy *bat* en hardloop by die deur uit. Hy skel vir Dawid uit omdat dié hom die hele vyfhonderd rand maak betaal het. Dawid skel vir Elton in ʼn operasangstem uit sonder om te hakkel.

***Nuushonde (bl. 125)***

Elton bring die nag in Spar se buitetoilet deur omdat dit hard reën en hy nie taxi-geld het nie. Die volgende oggend gaan hy nat, koud en honger skool toe. In die Afrikaanse klas pak juffrou Brom die pampoenplantjies in ʼn bierboks en los dit buite die deur. Sy deel vir die leerders ʼn kopie van ʼn koerantberig uit oor oumense wat in karavane woon omdat hulle alles in ʼn piramideskema verloor het. Hulle moet leer om ʼn koerantberig te skryf. Tot Elton se skok ontdek hy dat Terry die skelm in die berig is. Hy probeer pouse sy ma bel om haar te waarsku, maar kry haar nie in die hande nie. Pouse ontdek Letitzia en Anneke dat Bakkieboef besig is om gate te grawe langs die grafstene in die veld agter die skool. Hulle gis dat hy ʼn graf grawe om Wolles in te begrawe wanneer hy hom weens die liefdesdriehoek vermoor het. Letitzia sê sy sal vir die skoolkoerant ʼn berig daaroor skryf. Elton glo nie haar teorie nie, want Bakkieboef se gate is te vlak.

***Foonvirus (bl. 129)***

Elton se ma bel hom uiteindelik. Hy probeer haar waarsku om van Terry af weg te kom, maar sy glo hom nie. Terwyl die Miskruiers vir hul oudisie oefen, stres Elton erg oor sy ma se veiligheid. Ná pouse wys Letitzia vir almal die video op haar selfoon waarin Wolles en Brom baie na aan mekaar dans. Sy beskou dit as navorsing vir haar koerantberig. Almal wil die video hê; net Elton kan dit nie op sy foon kry nie, want hy het nog ʼn baksteenfoon.

***Arres (bl. 131)***

Terry word in hegtenis geneem. Elton kry nie sy ma in die hande nie en weet nie waarheen om die aand te gaan nie. Hy kruip weg in die skool se badkamer. In die nag laat weet sy ma hom sy slaap by die hospitaal. Hy raak aan die slaap op die badkamervloer.

***Groente (bl. 132)***

Die seuns ontdek voor skool dat Letitzia se "grafte" toe eintlik ʼn groentetuin is. Hulle besef die pampoene is te klein om tydens Halloween as pampoenspoke te gebruik. Dawid besluit om vir die skoolkoerant ʼn berig daaroor te skryf.

***Ghostbusters (bl. 133)***

Elton wil nie hê iemand by die skool moet weet van Terry se arrestasie en dat hy en sy ma nie ʼn heenkome het nie. Hy word ná die kleedrepetisie vir die konsert vasgekeer in ʼn haelstorm. Omdat

hy nie taxi-geld het om by sy ma by die hospitaal te kom nie, slaap hy in die Spar se buitetoilet. Die volgende oggend is juffrou Broom daar toe hy ontdek word. Sy neem hom huis toe, waar Elton uiteindelik die raaisel rondom die liefdesdriehoek tussen haar, Bakkieboef en Wolles oplos. Hy vind ook uit wie die twee oumense is en waarom hulle ’n groentetuin langs die skool aangeplant het. Einde laaste besef hy dat juffrou Broom geen bonatuurlike gawes het nie en dus nie ’n heks is nie.

***Prysuitdeling (bl. 137)***

Elton se ma stel die skool in kennis van hul omstandighede. Wolles bied aan dat Elton vir tyd en wyl in die karavaan by sy huis kan woon. Sy ma kan moontlik werk kry by die siekeboeg by die ouetehuis. Die Miskruiers se item is die gewildste by die konsert. Letitzia wen al die belangrikste pryse by die prysuitdeling. Elton en sy vriende wen elkeen ’n spesiale prys by juffrou Broom. Elton s’n het ’n aanhaling uit ’n gedig daaraan geheg. Juffrou Broom verdwyn soos sy gekom het: saam met die wind. Elton sien daarna uit dat sy pa kom kuier sodat hy hom alles van sy wedervaringe kan vertel en vir hom Elton John se “Yellow Brick Road” kan sing.

**Elton amper-famous April en Juffrou Brom**
**Inhoudelike vrae**

| ______ / 30 |

**NAAM EN VAN:** ____________________________________________________ **KLAS:** ____________

**DATUM:** ________________________________________

________________________________________________________________________________________

**Lees bladsye 7 – 22 en beantwoord dan die onderstaande vrae so deeglik as moontlik.**

1. Elton droom van drie moontlike maniere waarop hy eendag beroemd kan word. Noem **twee**.

   ____________________________________________

   ____________________________________________ (2)

2. Wat dink Elton is 'n spookskrywer?

   ____________________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________________ (1)

3. Waar woon Elton?

   ____________________________________________________________________________________ (1)

4. Slaag Elton graad 7?

   OMKRING: JA / NEE (1)

   Hoe weet jy dit?

   ____________________________________________________________________________________ (1)

5. Wie in graad 7W dink sy pa is 'n generaal en waarom?

   ____________________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________________ (2)

6. Wie se pa is werklik 'n generaal?

   ____________________________________________________________________________________ (1)

7. Wara woon Elton se PA?

   ____________________________________________________________________________________ (1)

8. Watter onderwyser breek Elton se moed vir Afrikaans?

   ____________________________________________________________________________________ (1)

9. Watter een van Elton se vriende het ’n spraakprobleem?

_______________________________________________________________ (1)

10. Wie in Elton se vriendekring se reguit dat hy Letitzia se nuus nie glo nie?

_______________________________________________________________ (1)

11. Wie neem die plek in van die onderwyseres wat bedank het?

_______________________________________________________________ (1)

12. Wie is die hele tyd besig met ’n besem in die Afrikaanse-klas?

_______________________________________________________________ (1)

13. Wie sit in die voorste bank langs Elton?

_______________________________________________________________ (1)

14. Watter uitdrukking gebruik Elton wanneer juffrou Broom Letitzia op haar plek sit?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (1)

15. Wat is Dawid se van?

_______________________________________________________________ (1)

16. Wat is juffrou Broom se naam?

_______________________________________________________________ (1)

17. In watter laerskool is Elton en sy vriende?

_______________________________________________________________ (1)

18. Wat pak juffrou Brom in bokse wanneer graad 7W haar help om die klas op te ruim?

_______________________________________________________________ (1)

19. Wat dink Elton is diktee?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (1)

20. Watter onderwyser is in beheer van entrepreneursdag?

_______________________________________________________________ (1)

21. Wat gaan Dawid by entrepreneursdag verkoop?

__________________________________________________________________________ (1)

22. Wat gaan Elton by entrepreneursdag verkoop?

__________________________________________________________________________ (1)

23. Hoe het juffrou Broom haar klaskamer versier?

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________ (1)

24. Wie is op haar senuwees omdat die klaskamer aan Halloween herinner?

__________________________________________________________________________ (1)

25. Watter woord in die dikteetoets is vir Elton onmoontlik om te spel?

__________________________________________________________________________ (1)

26. Wie vererg haarself oor die dikteetoets?

__________________________________________________________________________ (1)

27. Wie kyk van die boonste verdieping af vir Letitzia terwyl sy juffrou Broom bel?

__________________________________________________________________________ (1)

**Totaal: 30 punte**

**Elton amper-famous April en Juffrou Brom**
**Inhoudelike vrae**

______ / 25

**NAAM EN VAN: ____________________________________________________ KLAS: ___________**

**DATUM: _______________________________________**

**Lees bladsye 23 – 42 en beantwoord dan die onderstaande vrae so deeglik as moontlik.**

1. Wie dra 'n sonbril om weg te steek hoe skaam sy kry dat juffrou Broom haar uitgevang het oor die selfoonstorie?

_______________________________________________________________________________ (1)

2. Wat is Gert-Jan se van?

_______________________________________________________________________________ (1)

3. Watter klasreëls plak juffrou Broom vir Elton in die klas op?

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________ (2)

4. Watter klasreël plak juffrou Broom vir Dawid in die klas op?

_______________________________________________________________________________ (1)

5. Noem **drie** goed waarmee graad 7W punte vir hul rye kan verdien.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (3)

6. Watter bynaam dink Letitzia vir juffrou Broom uit?

_______________________________________________________________________________ (1)

7. Watter prys kan ’n leerder in Mister Reddy sekompetisie wen?

______________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________ (2)

8. Wie wil graag die geld in die kompetisie wen?

____________________________________________________________________________ (1)

9. Waaroor dink Letitzia jok juffrou Brom?

____________________________________________________________________________ (1)

10. Wie se bynaam is Skoothond?

____________________________________________________________________________ (1)

11. Watter bynaam gee Elton vir die man wat saam met juffrou Brom gesien word?

____________________________________________________________________________ (1)

12. Met wie dink Letitzia het juffrou Brom ’n verhouding?

____________________________________________________________________________ (1)

13. Wat is Elton en Dawid se trappe van vergekyking van naar?

____________________________________________________________________________ (1)

14. Wie praat telefonies met ’n beleggingsadvisieur?

____________________________________________________________________________ (1)

15. Met watter sprokie vergelyk Elton sy ma se droom om ryk te word uit haar belegging?

____________________________________________________________________________ (1)

16. Wie is Pinocchio Liegbek?

______________________________________________________________________ (1)

17. Hoekom laat juffrou Brom die klas toets skryf oor selfoon-etiket?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

18. Wie kry 87% vir sy toets oor selfoon-etiket?

______________________________________________________________________ (1)

19. Hou juffrou Brom van persoonlike vrae?

OMKRING: JA / NEE

Hoekom sê jy so?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

**Totaal: 25 punte**

**Elton amper-famous April en Juffrou Brom**
**Inhoudelike vrae**

______ / 25

**NAAM EN VAN:** ____________________________________________ **KLAS:** __________

**DATUM:** _________________________________

---

**Lees bladsye 43 – 67 en beantwoord dan die onderstaande vrae so deeglik as moontlik.**

1. Op watter belangrike dag verslaap Elton?

   ________________________________________________________________________ (1)

2. Hoe het Elton se ma hom in die steek gelaat?

   ________________________________________________________________________

   ________________________________________________________________________ (1)

3. Wie maak seker dat juffrou Brom weet Elton is laat in die klas?

   ________________________________________________________________________(1)

4. Noem **twee** woorde waarmee Elton sukkel in die speltoets.

   _________________________________ en __________________________________ (2)

5. Watter onderwyser is volgens Elton te nuuskierig oor sy privaatlewe?

   ________________________________________________________________________ (1)

6. Vir watter uitdrukking verdien Elton vyfhonderd punte vir sy ry?

   ________________________________________________________________________ (1)

7. Wie het 'n Oscar-fotostalletjie?

   ________________________________________________________________________ (1)

8. Waarmee red juffou Brom Elton se entrepreneurs-dag?

_________________________________________________________________________ (1)

9. Wie kom met Spar-sakke en roeispan-arms oor die rugbyveld aangehardloop?

_________________________________________________________________________ (1)

10. Glo Elton dat sy ma nagskof gewerk het?

OMKRING: JA / NEE (1)

**Hoekom** sê jy so?

_________________________________________________________________________

_________________________________________________________________________ (1)

11. Wat gebeur met Gert-Jan wanneer hy Elton se ma beledig?

_________________________________________________________________________

_________________________________________________________________________ (1)

12. Wie se ma lyk volgens Dawid soos 'n T-Rex?

_________________________________________________________________________ (1)

13. Wat is Elton se ma se nuwe vriend se naam?

_________________________________________________________________________ (1)

14. Watter tipe werk doen Elton se ma se nuwe vriend?

_________________________________________________________________________ (1)

15. Hoe wil Elton vir die buskaartjie na sy pa toe betaal?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

16. Waarom wil Elton en Dawid pouse vinnig by die snoepie uitkom?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

17. Wie gooi juffrou Brom met ’n waterballon?

______________________________________________________________________________ (1)

18. Watter twee strawwe deel die hoof aan Elton, Gert-Jan en Dawid uit?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (2)

19. Wie wen die Spar tekenkompetisie?

______________________________________________________________________________ (1)

20. Wat leer juffrou Brom die drie seuns tydens die detensieklas?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

21. Na watter kwaito-groep luister die seuns tydens detensieklas?

______________________________________________________________________________ (1)

22. Na watter Britse popsanger is Elton vernoem?

______________________________________________________________________________ (1)

**Totaal: 25 punte**

**Elton amper-famous April en Juffrou Brom**

**Inhoudelike vrae**

**______ / 25**

**NAAM EN VAN: ________________________________________________ KLAS: ___________**

**DATUM: ____________________________________**

---

**Lees bladsye 68 – 85 en beantwoord dan die onderstaande vrae so deeglik as moontlik.**

1. Wie se uitnodiging om te gaan uiteet bedank Elton?

_______________________________________________________________________ (1)

2. Wie gee soms by die skool vir Elton ’n kospakkie?

_______________________________________________________________________ (1)

3. Wie het die gedig “Ma” geskryf?

_______________________________________________________________________ (1)

4. Wat noem Elton sy “band”?

_______________________________________________________________________ (1)

5. Wie is “Madams Lemon en Lime”?

_______________________________________________________________________ (1)

6. Wie bied aan om Die Miskruiers se hip-hop-kunstenaar te wees?

_______________________________________________________________________ (1)

7. Wie is volgens juffrou Brom wérklik zef rappers?

_______________________________________________________________________ (1)

8. Watter swart digter verkies om in Afrikaans te dig?

________________________________________________________________ (1)

9. Watter woord uit 'n Afrika-taal gebruik Lesedi om te beskryf hoe kundig juffrou Brom is?

________________________________________________________________ (1)

10. Wie sing van woede vir Elton?

________________________________________________________________ (1)

11. Waarvan beskuldig 'n anonieme ouer vir juffrou Brom in 'n brief aan die hoof?

__________________________________________________________________

________________________________________________________________ (2)

12. Wie se ma het die brief geskryf?

________________________________________________________________ (1)

13. Watter bynaam moet Elton telkens keer om nie vir Letitzia te gebruik nie?

________________________________________________________________ (1)

14. Hoekom probeer Letitzia nie om die brief te verbeter nie?

__________________________________________________________________

________________________________________________________________ (1)

15. Hoekom kook Elton se ma sulke lekker kos?

________________________________________________________________ (1)

16. Wat is Elton se pa se naam?

________________________________________________________________ (1)

17. Wie dink Elton antwoord sy pa se foon?

______________________________________________________________________ (1)

18. Wat geberur ná tien dae in die vakansie met Elton?

_______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

19. Waar klop Elton om hulp aan wanneer hy nie geld vir kos of medisyne het nie?

______________________________________________________________________ (1)

20. Wie ontdek vir Elton wanneer hy in die Spar 'n hoesbui verval?

______________________________________________________________________ (1)

21. Saam met wie is juffrou Brom by Spar?

______________________________________________________________________ (1)

22. Waarom gee Elton vir hulle die verkeerde adres wanneer Wolles en juffrou Brom hom gaan aflaai?

_______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

23. Wat kry Elton op die wasbak wat hom laat besef sy ma het oor die nekbesering gejok?

______________________________________________________________________ (1)

**Totaal:25 punte**

| ______ / 25 |
|---|

# Elton amper-famous April en Juffrou Brom
## Inhoudelike vrae

**NAAM EN VAN: _______________________________________________ KLAS: ___________**

**DATUM: ____________________________________**

---

**Lees bladsye 86 – 111 en beantwoord dan die onderstaande vrae so deeglik as moontlik.**

1. Wat het in die vakansie met Letitzia se pa gebeur?

_______________________________________________________________________ (1)

2. Watter kompetisie vind een van die dae plaas?

_______________________________________________________________________ (1)

3. Watter woord gebruik Lesedi om te sê die seuns moet saamwerk om hul spelwoorde te leer?

_______________________________________________________________________ (1)

4. Wie vra in die wetenskapklas om saam met Elton te werk?

_______________________________________________________________________ (1)

5. Wat vra Letitzia vir Elton in die wetenskapklas?

_______________________________________________________________________ (1)

6. Wat bespreek Elton met sy ma terwyl sy staan en stryk?

_________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

7. Waarvoor verbeel Elton hom staan die gebrande "V" op sy hemp se sak?

_______________________________________________________________________ (1)

8. Waaroor handel die koerantberig wat juffrou Brom vir die klas wys?

________________________________________________________________________ (1)

9. Wat staan op die t-hemp wat Elton wil dra omdat hy nie die verduideliking van die skema verstaan nie?

________________________________________________________________________ (1)

10. Op wie raak Elton verlief?

________________________________________________________________________ (1)

11. Noem twee troetelnaampies wat Elton vir sy geliefde uitprobeer.

________________________________ en ____________________________________ (2)

12. Wie betaal vir die ete as Elton se ma en Slymbol gaan uiteet?

________________________________________________________________________ (1)

13. Wat doen Elton se ma aan hom toe Terry by die deur uitstorm?

________________________________________________________________________ (1)

14. Waar sal Letitzia die deel van Wolles se taak kry waarvoor Elton verantwoordelik was?

________________________________________________________________________ (1)

15. Watter nuwe troetelnaam dink Elton vir uit toe sy so kwaad word?

________________________________________________________________________ (1)

16. Is Elton se pa al amper ’n generaal?

OMKRING: JA / NEE

**Hoekom** sê jy so?

__________________________________________________________________________

________________________________________________________________________ (1)

17. Wat koop Dawid en sy ma vir Elton met Dawid se wengeld?

________________________________________________________________________ (1)

18. Wat kry Elton gereeld saam met sy ma se rookgoed?

________________________________________________________________________ (1)

19. Hoe word die pampoenblommetjies in juffrou Blom se klas bestuif?

__________________________________________________________________________

________________________________________________________________________ (1)

20. Waarom verloor die seuns belangstelling in die lys spelwoorde vir die Spel-Wel?

________________________________________________________________________ (1)

21. Vir watter woord in die Spel-Wel sê Dawid "P-P-Pass"?

________________________________________________________________________ (1)

22. Wie wen die Spel-Wel?

________________________________________________________________________ (1)

23. Wie gee vir juffrou Brom 'n bos blomme?

________________________________________________________________________ (1)

**Totaal: 25 punte**

| ______ / 25 |
|---|

# Elton amper-famous April en Juffrou Brom
## Inhoudelike vrae

**NAAM EN VAN: ______________________________________________ KLAS: __________**

**DATUM: __________________________________**

______________________________________________________________________________

**Lees bladsye 112 – 140 en beantwoord dan die onderstaande vrae so deeglik as moontlik.**

1. Wat doen Elton se ma met sy krieketgoed die dag toe sy trek?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

2. Wat gebeur by Slymbol se huis toe Elton daar aankom?

______________________________________________________________________ (1)

3. Hoe reageer Elton se pa as hy hoor Elton is bang vir Slymbol omdat hy te veel geld het?

______________________________________________________________________ (1)

4. Hoe kry Elton taxi-geld om by Slymbol se huis te kom?

______________________________________________________________________ (1)

5. Vir wie noem juffrou Brom "verflenterde kaalvoet seuntjie"?

______________________________________________________________________ (1)

6. Wie gaan saam met die kinders deelneem aan die verskeidenheidskonsert?

______________________________________________________________________ (1)

7. Wat beplan Die Miskruiers vir die verskeidenheidskonsert?

______________________________________________________________________ (1)

8. Watter naam dink Elton vir die skoolkoerant uit?

___________________________________________________________________________ (1)

9. Wat doen Elton met sy wengeld?

___________________________________________________________________________ (1)

10. Wie het Elton se krieketkolf gesteel?

___________________________________________________________________________ (1)

11. Waar slaap Elton nadat hy by Jireh was?

___________________________________________________________________________ (1)

12. Wie word in die koerant ontbloot as die meesterbrein agter die piramideskema?

___________________________________________________________________________ (1)

13. Hoekom dink Letitzia daar word ’n graf in die veld langs die skool gegrawe?

_____________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________ (1)

14. Watter bewyse van die verhouding tussen juffrou Brom en Wolles het Letitzia op haar foon?

_____________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________ (1)

15. Waar oornag Elton op die dag wat Terry gearresteer word?

___________________________________________________________________________ (1)

16. Wat word Letitzia se “grafte” op die uiteinde?

___________________________________________________________________________ (1)

17. Wie ontdek vir Elton die oggend ná die haelstorm in Spar se buitetoilet?

________________________________________________________________ (2)

18. Wie is Bakkieboef eintlik?

________________________________________________________________ (1)

19. Hoe ken juffrou Brom en Wolles mekaar?

________________________________________________________________ (1)

20. Hoekom kan Wolles en juffrou Brom die tango so goed dans?

________________________________________________________________ (1)

21. Wat was juffrou Brom se bynaam as kind?

________________________________________________________________ (1)

22. Waarheen gaan Elton se ma vir 'n werksonderhoud?

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (1)

23. Wie het die gedig geskryf waaruit die aanhaling aan Elton se besempie kom?

________________________________________________________________ (1)

24. Watter lied van Elton John wil Elton vir sy pa sing?

________________________________________________________________ (1)

**Totaal: 25 punte**

# Elton amper-famous April en Juffrou Brom
## Memoranda: Inhoudelike vrae

**Bladsye 7 – 22**

1. Skrywer, rapper, krieketspeler, kombinasie van al drie
2. ’n Spook wat jou storie neerskryf
3. Pretoria
4. Ja. Hy skryf “Graad 7” agter sy naam.
5. Letitzia, want sy is die hoofmeisie.
6. Lesedi
7. Oudtshoorn
8. Juffrou Visser / Vis
9. Dawid
10. Gert-Jan
11. Juffrou Broom
12. Juffrou Broom
13. Letitzia
14. Juffrou Broom “trap haar soos ’n Gunston”.
15. Bekker
16. Hilda
17. Laerskool Jakaranda
18. Woordeboeke
19. Rooibostee met baie kondensmelk
20. Meneer Wolmarans / Wolles
21. Lekkers wat hy by die Chinese mark gaan koop en in pakkies opmaak.
22. Kondensmelk in inspuitings met Jelly Tots op die punte
23. Die deur en gordyne is oranje en sy verf die rame om die aansteekborde pers.
24. Anneke
25. Boerkwazie / Bourgeoisie
26. Letitzia
27. Juffrou Broom

**Bladsye 23 – 42**

1. Letitzia
2. Stoltz
3. Kannie is dood van kruiwa stoot.
4. Probeer is die beste geweer.
4. Aanhouer wen
5. Kwinkslae, dubbelsinnighede, nuutskeppings, metafore, vergelykings, ironie, satire, simboliek
6. Juffrou Brom
7. R1000 kontant en ’n foto van homself saam met sy maats en kunswerk. Dit sal vir ’n advertensie gebruik word.
8. Elton
9. Dat sy getroud is.
10. Anneke
11. Bakkieboef
12. Wolles
13. Naar, Pienaar, Kotze
14. Beryl April / Elton se ma

15. Repelsteeltjie
16. Letitzia
17. Om vir Letitzia en Anneke ’n les te leer. Dit was hulle wat vir haar die anonieme sms gestuur het wat kwansuis van Wolles se vrou af kom.
18. Elton
19. Nee. Sy antwoord nie Gert-Jan se vraag nie en sê sy vra hom nie persoonlike vrae nie, want hulle is nie “bff’s” nie.

**Bladsye 43 – 67**

1. Entrepreneursdag
2. Sy het nie die vorige nag huis toe gekom en die kondensmelkspuite gemaak nie. Hy het nou net blikkies kondensmelk en pakkies jellytots.
3. Gert-Jan
4. Interessant, brongitis, alkali, restaurant
5. Meneer Wolmarans / Wolles
6. Daar’s ’n kriek in die koffie.
7. Letitzia en Anneke
8. Met Meneer Wolmarans se Leatherman wat ’n blikoopmaker het.
9. Elton se ma
10. Nee. Hy dink sy was saam met die “slingel” wat die “batmobil” ry.
11. Lesedi ruk sy hemp se knope af en Wolles moet die geveg stopsit.
12. Gert-Jan
13. Terry
14. Beleggingsadviseur
15. Hy beplan om die Spar tekenkompetisie te wen.
16. Hulle wil die sak ongebruikte spuite aan die kinders verkoop voordat hulle hul geld op snoepgoed uitgee.
17. Gert-Jan
18. Hulle mag nie aan die rugbyligawedstryd deelneem nie en moet by Juffrou Brom detensie sit.
19. Dawid
20. Sy leer hulle om spelwoorde te rap.
21. Brasse Vannie Kaap
22. Elton John

**Bladsye 68 – 85**

1. Terry
2. Meneer Wolmarans / Wolles
3. Antjie Krog
4. Die Miskruiers
5. Letitzia en Anneke
6. Lesedi
7. Die Antwoord
8. Mathews Phosa
9. Fundi
10. Dawid
11. Dat sy die leerlinge blootstel aan platvloerse musiek, banaliteit en vulgariteit en gekruide taal aanmoedig.
12. Letitzia se ma
13. Tiets
14. Sy is vol selfvertroue dat haar ma nie foute sal maak nie.
15. Sy het Slymbol/Terry vir ete genooi.

16. Jimmy
17. Sy pa se sekretaresse
18. Hy kry griep en sy ma verdwyn sonder om vir hom geld/medisyne te los.
19. By Mister Reddy van Spar.
20. Juffrou Brom
21. Meneer Wolmarans / Wolles
22. Want hy kry skaam vir waar hy bly.
23. ’n Sun City dobbel-token

**<u>Bladsye 86 – 111</u>**

1. Hy was in ’n ernstige motorongeluk.
2. Die Spel-Wel-kompetisie
3. Ubuntu
4. Letitzia
5. Hoe voel dit om nie ’n pa te hê nie.
6. Dat hy nuwe kriekettoerusting benodig voor die nuwe seisoen begin, anders kan hy nie span kry nie.
7. “Vool” / “Fool”
8. Oor ’n piramide-skema wat vou
9. U lost me @ Hello.
10. Letitzia
11. Troeteltortelduifie, appelkooswangetjie, rosierooi tamatierank
12. Elton se ma
13. Sy klap Elton deur die gesig.
14. By Elton se huis
15. Haak-en-steekbos
16. Nee. Lesedi sê die vredesmagte het nog ’n ver pad om te loop voor hulle generaals word.
17. Nuwe kriekettoerusting / krieket-kit en ’n bat
18. Casino-vuurhoutjies
19. Juffrou Brom verf party blomme se stuifmeel op ander met ’n kwassie.
20. Die krieketseisoen tel spoed op.
21. Halloween
22. Anneke
23. Bakkieboef

**<u>Bladsye 112 - 140</u>**

1. Sy steek dit in ’n swart sak weg onder die woonstelblok se trap.
2. Daar is ’n groot partytjie aan die gang.
3. Hy lag.
4. Hy pak sakkies by Mister Reddy.
5. Elton
6. Die onderwysers
7. ’n Rooikappie en Wolf-rap
8. Die Jakaranda Veranda
9. Hy laat sny ’n “backtrack” van ’n Elton John-liedjie wat hy vir sy pa wil sing.
10. Jireh
11. In Spar se buitetoilet
12. Terry / Terrence de Villiers / Slymbol
13. Sodat Bakkieboef Brom en Wolles kan vermoor en daarin begrawe om die liefdesdriehoek te beëindig.
14. ’n Videogreep waarin Wolles en Brom die tango dans

15. In die skool se badkamer
16. ’n Groentetuin
17. Mister Reddy en Juffrou Brom
18. Juffrou Brom se man – sy naam is Roy.
19. Hulle is broer en suster.
20. Hulle was op hul dag “ballroom champs”.
21. Carrots
22. By die ouetehuis anderkant die park. Hulle soek iemand om die siekeboeg te bestuur.
23. Lina Spies
24. Yellow Brick Road

# Interpretasie van die slothoofstuk

Gelukkige einde of nie?

1. Daar is verskeie gebeure wat die indruk skep dat die verhaal 'n gelukkige einde het. Kyk of jy aan **vyf** kan dink.

   Leerders kan die volgende noem en/of bespreek:
   - Elton bly lekker in Wolles se karavaan.
   - Dawid nooi Elton saam see toe.
   - Elton se ma kry 'n werksonderhoud by die ouetehuis. Een van die byvoordele van die werk is 'n huisie op die perseel.
   - Die Miskruiers se item is die gewildste by die skoolkonsert.
   - Anneke en Letitzia se konsert-item is onverstaanbaar.
   - Elton wen 'n prys by die prysuitdeling.
   - Elton slaag graad 7.
   - Elton is voorbereid om vir sy pa 'n Elton John-lied te sing wanneer hy kom kuier.

2. Daar is egter geen waarborg dat hierdie "gelukkige" gebeure tot groter geluk sal lei nie. Watter van die bg. gebeure kan moontlik verkeerd loop en tot hartseer lei en hoekom sê jy so?

   (Laat die leerders toe om enige moontlikhede te ondersoek en bespreek.)

3. Noudat jy hierdie vraag beantwoord het, dink jy dit is vanselfsprekend dat Elton se verhaal 'n gelukkige einde het?

Karaktertrekke as voorspellers van wat ná die einde van die boek gaan gebeur

Die verhaal leer ons baie omtrent Elton se karakter. Soos ons vroeër in die gids gelees het (sien die bespreking oor karakterisering) is Elton 'n volronde karakter. Dit beteken dat hy goeie, sowel as slegte eienskappe het. Ons leer ken hom bv. as 'n dromer (bl. 7), iemand met 'n lae selfbeeld (bl. 61), iemand wat entoesiasties is (bl. 140) en 'n trotse seun (bl. 82). Hy is kreatief (bl. 120) en innoverend (bl. 47). Dan kan hy ook humeurig wees (bl. 112). In teenstelling met sy dapperheid (bl. 123) kan hy ook bang wees (bl. 133).

Hoewel Elton se ouers se optrede die hoofoorsaak van sy probleme is, is hulle nie hoofkarakters in die verhaal nie. Lees weer wat die verhaal omtrent hul karakters uitbeeld en voorspel dan wat jy dink hulle moontlik ná die einde van die boek gaan doen.

| **Karakter** | **Karaktertrekke wat beskryf word** | **My voorspelling oor hoe die karakter vorentoe gaan optree** |
|---|---|---|
| Beryl April (Elton se ma) | bl. 37 – 38:<br>bl. 49 – 50:<br>bl. 52:<br>bl.70:<br>bl. 84 – 85: | |

| | | |
|---|---|---|
| | bl. 91 – 92:<br>bl. 99 – 100:<br>bl. 112 – 113:<br>bl.129: | |
| Jimmy April (Elton se pa) | bl. 53:<br>bl. 85 – 86:<br>bl. 89:<br>bl. 92:<br>bl. 114 – 115:<br>bl. 137:<br>bl. 140: | |

Gebaseer op dít wat ek van Elton se ouers se persoonlikhede af weet, dink ek die volgende wat gaan gebeur, is:

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________.

<u>Die gedig aan Elton se besempie</u>
Die aanhaling aan Elton se prys kom uit Lina Spies se gedig "Finis". Lees die gedig en antwoord dan die vrae daaroor.


**Die digter Lina Spies**

**Finis**

Nou maak ek self nie meer so baie saak nie
want jy't bobbejaan na my gestuur met 'n briefie in sy bek

*dit was geskryf op varkensblaar*
*dit was 'n bietjie dof*
*dit was om my en jou te nooi*
*na die Apies se bruilof*

Jy het al die liedjies van my kindertyd weer in my laat sing
en in my hart die Jakkalse elke dag laat trou

Maar wat sal jy van my kan saamneem?

Miskien wanneer die lewe met jou kotiljons
en lekker wals op die Apies se bruilof
sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was
– die wolke altyd bietjie voor die son –
en ek ten spyte van die reën kon lag

En jy sal lag

1. Noem **vyf** redes waarom jy dink Juffrou Brom spesifiek die laaste vier versreëls aanhaal in Elton se prys?
   Moontlike antwoorde:
   - Sy wil sê hoe sy Elton gaan onthou.
   - Sy wil hê Elton moet hulle tyd saam onthou.
   - Dit bevat 'n verwysing na "April".
   - Om te sê sy het Elton as effens bewolk/teneergedruk ervaar.
   - Om te sê dat sy ten spyte van haar reputasie as 'n kwaai juffrou tóg by tye vir Elton kon lag.
   - Sy wil hê Elton moet lag as hy terugdink aan hul tyd saam.

<u>Simboliek</u>

Die verhaal vertel dat Elton vernoem is na die Britse sanger Elton John wat die popliedjie "Goodbye Yellow Brick Road" sing.




**Die sanger Elton John**

Ten slotte onthul Elton dat hy graag dié liedjie vir sy pa wil sing. "Yellow Brick Road" verwys na die paadjie waarop die karakter Dorothy in Frank L. Baum se *The Wizard of Oz* loop.


**Dorothy en haar hond Toto stap op die "Yellow Brick Road".**

Lees die uittreksel uit die lirieke van die popliedjie en beantwoord dan die vrae daaroor:

*When are you gonna come down*
*When are you going to land*
*I should have stayed on the farm*
*I should have listened to my old man*

*You know you can't hold me forever*
*I didn't sign up with you*
*I'm not a present for your friends to open*
*This boy's too young to be singing the blues*

*So goodbye yellow brick road*
*Where the dogs of society howl*
*You can't plant me in your penthouse*
*I'm going back to my plough*

Daar is verskeie interpretasies van die simboliese betekenis van die "Yellow Brick Road". Een daarvan is dat dit 'n geestelike pad na selfontdekking is. (Sien die bronnelys agterin die gids en doen ook jou eie navorsing.)
Hoe beïnvloed kennis van hierdie simboolwaarde jou interpretasie van die slot en van Elton se karakterontwikkeling?

____________________________________________________________________________


____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

## Het jy geweet?

Pampoen



- Die woord "pampoen" kom van die Griekse woord "pepon" af wat "groot spanspek" beteken.
- Pampoen kom oorspronklik uit Sentraal-Amerika.
- Pampoen is ’n vrug.
- Pampoenblomme is eetbaar.
- Pampoensade kan gerooster en as ’n peuselhappie geëet word.
- Pampoen was lank gelede ’n boereraat teen sproete en slangbyte.
- Pampoen bestaan 90% uit water.
- Pampoen bevat kalium en vitamiene A.
- Pampoen kan gebruik word om sop, pasteie en brood te maak.
- Die Iere het die gebruik na Amerika gebring om tydens Halloween spookgesigte uit rape te kerf. In Amerika was pampoen meer geredelik beskikbaar en makliker om mee te werk.


Bekende musiekkunstenaars wat as tieners reeds begin "rap" het

- Die "rapper" 50 Cent is in 1975 in ’n arm woonbuurt in New York gebore. Sy enkelma is vermoor toe hy net agt jaar oud was. Sy grootouers het hom grootgemaak. Hy wou aanvanklik eers ’n bokser word, maar het op hoërskool uitgevind dat hy goed is met hakkelrym.
- As kind was Marshall Mathers se huislike omstandighede haglik. Hy het op 14 saam met ’n hoërskoolvriend, Mike Ruby begin "rap". Hulle het hulself "Manix" en "M&M" genoem, wat later "Eminem" geword het.
- Zander Tyler (Jack Parow) wou sedert graad 5 of 6 ’n "rapper" word toe hy Snoop Dogg hoor sing het, want hy het altyd gehou van Dr Seuss en ander stories wat rym.



**Jack Parow**

Piramideskemas




’n Piramideskema soos dié in die boek is ’n besigheidsmodel wat nie volhoubaar is nie en dikwels ook onwettig is. Deelnemers (beleggers) word buitengewoon hoë opbrengste op hul finansiële beleggings aangebied. Beleggers besef nie dat die opbrengste afhanklik is van hoeveel NUWE beleggers tot die skema toetree nie. Sodra daar nie meer genoeg nuwe beleggers toetree nie val die skema plat.

Piramideskemas staan ook as Ponzi-skemas bekend en is vernoem na die Italiaanse swendelaar **Charles Ponzi** wat in 1949 oorlede is. Hy het sy beleggers 50% wins belowe nadat hulle hul geld vir slegs 45 dae by hom belê het. Toe hy in 1920 gearresteer is, het hy 86 aanklagte van bedrog teen hom en $7 miljoen skuld gehad. Hy is skuldig bevind en moes veertien jaar agter tralies deurbring.

Van die grootste piramideskemas wat Suid-Afrika al gesien het, was die **Krion**-besigheid. Die eienaars is op 218 682 kriminele aanklagte skuldig bevind en tronk toe gestuur. Tronkstraf kon egter nie vergoed vir die R1,5 biljoen wat beleggers verloor het nie. Ander onlangse skemas wat ontbloot is, was **Fidentia**, **Masterbond** en dié van **Barry Tannenbaum**.

## Talle voel nog Krion se gevolge

### Geen hulp vir dakloses

Deur Riata Nel, 28 Maart 2013

Elf jaar nadat die Krion-piramideskema in veral die Vaaldriehoek onthul is, is daar nog groot armoede weens dié skema en ander probleme in die gebied.

“Baie mense sukkel nog emosioneel oor hul Krion-armoede,” het Riana Burger, ’n trauma-ondersteuner in Vereeniging, gesê.

Krion het in Mei 2002 ineengestort. Volgens Veronica Cronjé, direkteur van die Lusa-gemeenskapskas in die Vaaldriehoek, is daar nog baie mense wat weens Krion “agtergelaat” is.

Lusa help 50 organisasies in die Vaaldriehoek.

“Tans is al die toevlugsoorde en deurgangshuise in die Vaaldriehoek stampvol. Ons kry niemand wat dakloos is, gehelp nie. Dit is ’n probleem, veral vir families.”

Daar is ’n behoefte aan organisasies of selfs kerke wat bereid is om tydelike verblyf aan te bied vir mense op straat, het Cronjé gesê.

Past. Edward Gibbens van die River of Life-gemeente in Vanderbijlpark het gesê daar is baie mense in die Vaaldriehoek wat baie swaarkry. Kerke in die algemeen probeer steeds die nood van mense verlig. Predikante kom steeds weekliks bymekaar om vir die Vaaldriehoek te bid.

Ses van die sewe Krion-veroordeeldes se appèl teen hul vonnisse is steeds hangende, berig Jeanne-Marié Versluis. Die ses veroordeeldes is Marietjie Prinsloo, haar eksman, Burt Prinsloo, haar dogter, Yolande Lemstra, dié se man, Gerrit Lemstra, haar seun, Cobus Pelser, en haar susterskind, Izabel Engelbrecht.

Hulle is in 2009 tot tronkstraf gevonnis weens hul aandeel in die onwettige Krion-vermenigvuldigingskema en appelleer teen hul skuldigbevinding en vonnis. Net Engelbrecht se man, Hendrik, het direkte tronkstraf vrygespring. Hy het nie appèl aangeteken nie.

# Elton amper-famous April en Juffrou Brom
# Gedigte waarna in die teks verwys word

**Bladsy 19**

**Die Ossewa, deur Jan F. E. Celliers**
Die osse stap aan deur die stowwe,
geduldig, gedienstig, gedwee;
die jukke, al drukkend hul skowwe —
hul dra dit getroos en tevree.

En stille, al stuiwend en stampend,
kom stadig die wa agterna —
die dowwe rooi stowwe, al dampend,
tersy op die windjie gedra.

Die middagson brand op die koppe,
gebuk in hul beurende krag;
hul swaai heen en weer in die stroppe —
en ver is die tog van die dag.

Dit kraak deur die brekende brokke:
die opdrans is ver en is swaar:
dit knars in die krakende knokke,
maar hul beur, en die vrag bring hul daar.

So, stom tot die stond van hul sterwe,
blyf ieder ’n held van die daad ...
Hul bene, na swoeë en swerwe,
lê ver oor die velde verlaat ...

**Bladsy 48**

**Rietfontein, deur I.D. du Plessis**
By Rietfontein se leidam, as die reier staan en droom,
En gepluimde peerboomtakke bloeisels sprinkel oor die stroom,
Word op maanverligte nagte nog ’n sombere tafereel
Van haat en lus en liefde deur gestorwenes afgespeel.

Wit is die water
En blond is die maan,
En bly is die paar
Wat gearmd daar gaan,
Versilwerde bome
Ruis in die laan;
Wit is die water
En blond is die maan.

’n Honderd jaar gelede het die buurt se mooiste blom
So in die helder maanlig na die peerboomlaan gekom;
Maar terwyl sy en haar minnaar in confettie-bloeisels staan,
Het ’n ander in die skaduwee langs die dam se wal gegaan.

Wit is die water
En bleek is die maan,
Wie is dit wat daar so
Geruisloos gaan?
’n Huiwering trek
Deur die bome in die laan;
Wit is die water

En bleek is die maan.

O salig die verrukking wat die suiwere liefde bring,
En vrolik het die harte van die paartjie daar gesing
By Rietfontein se leidam, in die wit lig van die maan;
Maar oorkant langs die peerboom het ‘n skaduwee gegaan.

Wit is die water
Maar bleker die maan,
Wie is dit wat daar so
Doelbewus gaan?
Verdonkerde bome
Bewe in die laan;
Wit is die water
Maar bleker die maan.

Kortstondig soos die dou wat smôrens skitter op die roos,
Kortstondig was die enkel uur van samesyn se troos,
Op bloedbevlekte bloeisels lê die paartjie in die laan,
Terwyl ’n swart gestalte onder peerboomtakke staan.

Bloed in die water
En bloed in die laan,
Wie is dit wat daar so
Roerloos bly staan?
Vormlose skaduwees
Kruip oor die maan;
Bloed in die water
En bloed in die laan.

By Rietfontein se leidam, as die reier staan en droom,
En gepluimde peerboomtakke bloeisels sprinkel oor die stroom,
Word op maan-verligte nagte nog ’n sombere tafereel
Van haat en lus en liefde deur gestorwenes afgespeel.

Bloed in die water
En bloed in die laan,
Wie is dit wat daar so
Skuldbewus gaan?
Vormlose skaduwees
Kruip oor die maan;
Bloed in die water
En bloed in die laan.

## Bladsy 62

### Slaap, deur D. F. Malherbe
Wat is die slaap ’n wondersoete ding!
Sag op haar bloue oë daal die vaak
soos maneskyn diep waterkuile raak
om daar te droom in silwer skemering.

Vir laas beef oor haar lippe ’n fluistering:
"Nag, Pappie." Ek merk hoe langsaam hy genaak,
wat drome soet tot werklikhede maak:
in vaderarms rus my lieweling.
Sluit so my oë, God, wanneer vir my
u Engel wenk ter laaste, lange rus
en ek van wilde woeling hier moet skei;
dat my dan stille drome huis toe sus
en sterke Hand deur duisternisse lei.

Sluit so my oë, God, as ek gaan rus.

## Bladsy 116

**Kaalvoet Klonkie, deur I.D. du Plessis**
Verflenterde kaalvoet klonkie
Wat groente verkoop in die reën,
Met jou lelike skurwe tone
En jou lendelam hoepelbeen,
Jy kom met jou venterliedjie
Deur die mistige Kaapse straat
En helder sing jy die woorde
Op jou eie koddige maat:

Lekka, lekka ywe,
Laat die ghantang nader skywe!
Tamaties en ywe vars van die Strand
En baie kiri slam by die hys se kant!

Jy kom uit 'n deel van Kanaldorp
Waar die dienders gewapend moet gaan
En die weerlig van 'n skeermeslem
In 'n donker hoek neer mag slaan.
Miskien kon jy "Bismillah" sê
Vanmôre, omdat in die kas
Wat dae lank so leeg moet bly,
Daar weer 'n broodjie was?
Of dink jy aan Nuwejaar
As die troepe deur Waalstraat stroom
Van de Bo-Kaap na die Onder-Kaap
Langs die stomp van die Slaweboom?
Is dit wat jou so laat bokspring
En dans op jou hoepelbeen,
Verflenterde kaalvoet klonkie,
As jy groete verkoop in die reën?
Ek hou van die vrolike klanke
Waarmee jy die winter tart.
Sing jy hierdie ligte deuntjie
Bo 'n somberte in jou hart?
En as jy óp na die Boereplein
Met jou boepens-mandjie gaan,
Dan trek jou parmantige liedjie
Deur die strate agter jou aan:

Lekka, lekka ywe,
Laat die ghantang nader skywe!
Tamaties en ywe vars van die Strand
En baie kiri slam by die hys se kant!

## Bladsy 139

**Finis, deur Lina Spies**
Nou maak ek self nie meer so baie saak nie
want jy't bobbejaan na my gestuur met 'n briefie in sy bek

*dit was geskryf op varkensblaar*
*dit was 'n bietjie dof*
*dit was om my en jou te nooi*
*na die Apies se bruilof*

Jy het al die liedjies van my kindertyd weer in my laat sing
en in my hart die Jakkalse elke dag laat trou
Maar wat sal jy van my kan saamneem?
Miskien wanneer die lewe met jou kotiljons
en lekker wals op die Apies se bruilof
sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was
– die wolke altyd bietjie voor die son –
en ek ten spyte van die reën kon lag

En jy sal lag

**Elton amper-famous April en Juffrou Brom**
**Afleidings en Voorspellings**

______ / 10

**NAAM EN VAN:** _______________________________________________ **KLAS:** ___________

**DATUM:** ____________________________________

Maak jou eie **afleidings** en **voorspellings** oor die storie deur die **omslag** van die boek (voor, sowel as agter) te bestudeer. Antwoord in volsinne **behalwe** as die instruksies 'n korter antwoord vereis.

1. Wat lei jy af oor Elton se lewe wanneer jy die witgedrukte teks op die agterblad lees?

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________ (1)

2. Kyk na die titel op die voorblad. Dink jy die **afleiding** wat jy in vraag 1 gemaak het, is korrek?

   OMKRING: JA / NEE

   Waarom sê jy so?

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________ (2)

3. Waarom dink jy word die **onderste paragraaf** op die agterblad in geel eerder as in wit gedruk?

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________ (1)

4. Wanneer jy die agterblad lees, wat dink jy is die **verskil** tussen Elton en Letitzia, die hoofmeisie?

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________ (1)

5. Volgens die omslag is daar talle karakters wat Elton se lewe negatief beïnvloed. Watter karakter dink jy het 'n **positiewe invloed** op Elton?

   ___________________________________________________________________________ (1)

   Waarom hierdie spesifieke karakter?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

6. Die krieketpaaltjies op die agterblad val.

   Wie **voorspel** jy boul die mense uit?

   ______________________________________________________________________

   Waarom dink jy so?

   ______________________________________________________________________ (2)

7. Kyk na die foto op die voorblad en die titel van die boek. Wat dink jy gaan deur Elton se gedagtes?

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________(1)

**Totaal : 10 punte**

**LEES NOU DIE BOEK OM TE SIEN OF JOU AFLEIDINGS EN VOORSPELLINGS KORREK WAS!**

| ______ / 15 |
|---|

## Elton amper-famous April en Juffrou Brom
## Spel-Wel-Kompetisie

**NAAM EN VAN: ______________________________________________ KLAS: __________**

**DATUM: ___________________________________**

Hou jou eie Spel-Wel-Kompetisie en gee die korrekte spelling van dié lys woorde waarmee ELTON sukkel. Gebruik ’n woordeboek.

1. gebeere / gebere / gebêre (bl. 8): ___________________________________
2. boerkwazie (bl. 20): ___________________________________
3. intrissant (bl. 24): ___________________________________
4. hieper / hipper (bl. 31): ___________________________________
5. skeer (bl. 43): ___________________________________
6. wanner (bl. 56): ___________________________________
7. villis / Phyllis (bl. 84): ___________________________________
8. vuurhoukie / vuurhoudjie (bl. 101): ___________________________________
9. onhiegieheenies / onhiggenies (bl. 130): ________________________________

**(9)**

**Noudat jy weet hoe om hierdie woorde te spel, kies een en kyk of jy ’n kletsrym kan opmaak soos Die Miskruiers op bl. 63 doen. Skryf dit in die spasie op die volgende bladsy.**

| **Rubriek vir skryf van ’n kletsrym** | **(6 punte)** |
|---|---|
| Rymwoorde | ______ /2 |
| Ritme | ______ / 2 |
| Oorspronklikheid | ______ / 2 |
| | **Totaal: _____________ /6** |

**My eie kletsrym oor die woord ___________________________**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**(6)**

**Totaal : 15 punte**

# Elton amper-famous en Juffrou Brom
## Redigering

______ / 10

**NAAM EN VAN:** ______________________________________________ **KLAS:** ___________

**DATUM:** ___________________________________

Verbeel jouself jy is juffrou Brom en **redigeer** Elton se plakkaat vir entrepreneursdag (bl. 47) deur die voor- en agterkante **foutloos** oor te skryf.

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________ (6)

1. **Verduidelik** die **spelreëls** wat jou kan help om die woorde hieronder reg te spel en skryf.

   a. "heele": ___________________________________________________________

   ________________________________________________________________________

   b. "blikie": ___________________________________________________________

   ________________________________________________________________________

   c. "kondens melk": _____________________________________________________

   ________________________________________________________________________ (3)

2. Watter een van die woorde wat verkeerd gespel is op die plakkaat het 'n **genasaleerde** klank?

   ___________________________________ (1)

**Totaal: 10 punte**

**Elton amper-famous April en Juffrou Brom**

**Karakterisering deur handeling**

**______ / 15**

**NAAM EN VAN: ____________________________________________________ KLAS: ___________**

**DATUM: _______________________________________**

Lesers leer ken karakters dikwels deur hul optrede (**handeling**). Voltooi die onderstaande tabel met **voorbeelde** en **bladsyverwysings** wat bewys hoekom Lesedi en Dawid vir Elton goeie vriende is.

| **Goeie vriende** | **Voorbeelde** | **Bladsy-verwysing** |
|---|---|---|
| **Dawid** | 1. | |
| | 2. | |
| | 3. | |
| **Lesedi** | 1. | |
| | 2. | |
| | 3. | |

**(6)**

Voltooi die onderstaande tabel met **voorbeelde** en **bladsyverwysings** wat bewys hoekom Letitzia en Gert-Jan vir Elton minder goeie vriende is.

| **Minder goeie vriende** | **Voorbeelde** | **Bladsy-verwysing** |
|---|---|---|
| **Letitzia** | 1. | |
| | 2. | |
| **Gert-Jan** | 1. | |
| | 2. | |

**(4)**

Voltooi die onderstaande tabel met **voorbeelde** en **bladsyverwysings** wat bewys hoe juffrou Brom, Wolles en Mister Reddy op 'n onopsigtelike manier vir Elton sorg.

| **Onopsigtelike versorger** | **Voorbeelde** | **Bladsy-verwysing** |
|---|---|---|
| **Juffrou Brom** | 1. | |
| | 2. | |
| | 3. | |
| **Wolles** | 1. | |
| **Mister Reddy** | 1. | |

**(5)**

**Totaal: 15 punte**

**Elton amper-famous April en Juffrou Brom**
**Karakterisering deur dialoog**

______ / 20

**NAAM EN VAN:** ____________________________________________ **KLAS:** ___________

**DATUM:** ___________________________________

**Voltooi** die tabel hieronder met die **naam** van die **karakter** wat die dialoog daarnaas sê:

| Nr. | Dialoog | Karakter |
|---|---|---|
| 1. | "Hoeveel keer moet ek nóg sê ek werk nie saam met 'n loser en 'n dropper as ons take doen nie, meneer Wolmarans?" | |
| 2. | "Wat dare julle my om 'n waterballon op Broom se kop te gooi as sy van die teekamer af terugstap klas toe?" | |
| 3. | "Ek deel nie punte uit soos Krismisvader nie." | |
| 4. | "Sê net as julle die Gautengse hip-hop-kampioen nodig het. Ek sal 'n kwaai Miskruier maak!" | |
| 5. | "Ek wil net sê sorry dat ek partykeer die stories oor Juffrou geglo het." | |
| 6. | "Vir wat het jy nie gesê hy't jou bat én 'n mes nie, hè? Ons kon vrek gewees het!" | |
| 7. | "Daar's ruim plek vir verbetering in jou punte, maar jy's deur genoeg om volgende jaar die hekse by die hoërskool te gaan uitkyk." | |
| 8. | "Toe, bel jou pa! Vra sommer vir hom op watter flooze hy jou onderhoudgeld hierdie maand geblaas het." | |
| 9. | "My punte is die hoogste in die klas, dis hoekom my plek daar agter in die hoek is." | |
| 10. | "Ek haat daai verpestelike vrou. Sy laat my om elke draai soos 'n idioot lyk. Eendag is eendag . . ." | |
| 11. | "Ek gaan nooit terug op my woord nie, meneer April." | |

| | | |
|---|---|---|
| 12. | "Luister, jou klein . . ., jou . . . twee-pip-peacekeeper-pa kan ook maar gerus vir jou iets koop, hoor!" | |
| **Nr.** | **Dialoog** | **Karakter** |
| 13. | "As mens se bynaam jou hele lewe lank Carrots was, ontwikkel jy maar 'n sagte plekkie vir oranje." | |
| 14. | ". . . daar's 'n kriek in my koffie. 'n Koringkriek, om die waarheid te sê." | |
| 15. | "H-h-hy's net ja-ja-loers oor jou ma m-m-mooi is. S-s-sy ma lyk s-s-soos 'n T-t-t Rex." | |
| 16. | "My community supports me, I support them." | |
| 17. | "Voor julle loop, wil ek vra dat julle in gedagte moet hou dat ek heeltemal te lank skoolhou om nog 'n sin vir humor oor te hê." | |
| 18. | "Ons gaan my spaargeldjies invest en terwyl ons slaap, gaan dit meer en meer word." | |
| 19. | "Ek gaan nog huisbesoek kom doen wanneer jy dit die minste verwag." | |
| 20. | "Ek kan in groot trouble kom as ek jou laat werk. Gaan huis toe. Jy moet eers gesond word, dan praat ons weer." | |

**Totaal: 20 punte**

## Elton amper-famous April en Juffrou Brom
## Begripstoets

_______ / 20

**NAAM EN VAN:** ______________________________________________ **KLAS:** __________

**DATUM:** ___________________________________

---

**"Backtrack", bl. 122 – 124**

Lees bogenoemde hoofstuk noukeurig deur en beantwoord die vrae dan so deeglik moontlik in **volsinne**, behalwe as die instruksies 'n korter antwoord vereis.

1. Waarom neem Elton vir Dawid saam na Jireh toe?

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________ (2)

2. Waarmee wil Elton sy pa verras?

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________ (1)

3. Waarom dink jy is Jireh se oë rooi?

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________ (1)


4. Hoe herken Elton sy krieketkolf?

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________ (1)

5. Wie het Elton se krieketkolf gesteel?

   ______________________________________________________________________ (1)

6.  **Die Italiaanse operasanger Luciano Pavarotti**

Waarom noem Elton vir Dawid "Pavavrotti"? (Kyk na die foto en byskrif op die vorige bladsy vir 'n leidraad.)

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________ (2)

7. Wat beteken die volgende uitdrukkings?

a. "Ek laaik dit as sy <u>oë water trek</u>." (Paragraaf 3, bl. 122)

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

b. "Ek kan mos nie <u>aan 'n ou timmer</u> wat sing as hy kwaad is nie." (Vyfdelaaste reël, bl. 123)

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

c. "<u>Dit sous gordyne</u> oor my."

___________________________________________________________________________ (3)

8. Pas KOLOM A by KOLOM B:

| **KOLOM A:**<br>**Standaard Afrikaans** | **LETTER** | **KOLOM B:**<br>**Sleng of Engels** |
|---|---|---|
| Toerusting | | A. kroek |
| Verneuk | | B. handle |
| Geliefkoosde | | C. favourite |
| Waarborg | | D. flêts |
| Woonstelblok | | E. guarantee |
| | | F. backtrack |
| | | G. kit |

(5)

9. Waarom sê Dawid vir Jireh R500 is vir hom ’n goeie prys vir die CD?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (1)

10. Woordeskat-uitbreiding
**Omkring** die woord wat die **karakter** die beste **beskryf**:

Jireh is ’n gewetenlose / agterlosige / diepsinnige ou.

Elton is moeilik / agterbaks / onverskrokke wanneer hy sy kolf probeer terugvat.

Dawid is ’n onnosele / lojale / hakkelende vriend wanneer hy saam met Elton na Jireh toe gaan. (3)

**Totaal: 20 punte**

**Elton amper-famous April**
**Pas kolom A by kolom B**
**(Lees bladsye 62 – 70)**

___ / 10

**NAAM EN VAN:** ______________________________________________ **KLAS:** __________

**DATUM:** __________________________________

| KOLOM A | LETTER | KOLOM B |
|---|---|---|
| Gert-Jan | | a. Maak detensieklasse interessant. |
| Juffrou Brom | | b. Dink bynaam "Titz" vir Letitzia uit. |
| Dawid Bekker | | c. Kwaito-musiek |
| Elton April | | d. Lyk soos slegte nuus op die TV. |
| Beryl April | | e. Kenoni van Benoni. |
| Brasse Vannie Kaap | | f. Veroorsaak dat drie seuns detensie moet sit. |
| Elton John | | g. Dink hakkelrympies uit. |
| Bakkieboef | | h. Het eenkeer R700 in die Lotto gewen. |
| Wolles | | i. Deel kospakkies uit. |
| Anneke | | j. Reginald |

**Totaal: 10 punte**

**Elton amper-famous April**

**Luistertoets**

**___ / 15**

**NAAM EN VAN: _______________________________________________ KLAS: __________**

**DATUM: ___________________________________**

________________________________________________________________________________

**Die onderwyser lees bl. 62 – bl. 64 se eerste paragraaf aan die leerders voor. Daarna word die vrae saam met die leerders deurgelees. Die luisterteks word dan 'n tweede keer gelees, waartydens leerders aantekeninge oor moontlike antwoorde mag maak.**

| **AANTEKENINGE VIR LUISTERTOETS** |
|---|
| |

Beantwoord die onderstaande vrae so deeglik moontlik.

1. Waarom dink Elton, Dawid en Gert-Jan die HOOF is 'n "harde man"?

   ________________________________________________________________________

   ________________________________________________________________________ (1)

2. Waarom is Elton kwaad vir Dawid op die dag toe hulle detensie moet sit?

   ________________________________________________________________________

   ________________________________________________________________________ (1)

3. Waarom is Dawid kwaad vir Elton op die dag toe hulle detensie moet sit?

   ________________________________________________________________________

   ________________________________________________________________________ (1)

4. Elton wil graag 'n "Parkie" se gesig in die gras smeer. Wie is die **Parkies**?

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

5. Wat is Dawid se **sterk punte** volgens juffrou Brom?

_____________________________ en _____________________________ (2)

6. Wat is Elton se **sterk punt** volgens juffrou Brom?

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

7. Wat is Elton sarkastiese voorstel toe juffrou Brom vra wat Gert-Jan se **sterk punt** is?

_______________________________________________________________________ (1)

8. Wat gebruik Gert-Jan vir 'n musiekinstrument?

_______________________________________________________________________ (1)

9. Vir watter woord se spelling maak die seuns 'n hakkelrympie op?

_______________________________________________________________________ (1)

10. Hoeveel **M'e** is daar in vraag 9 se antwoorde?

_______________________________________________________________________ (1)

11. Wat is vreemd aan Dawid se spraak wanneer hy sing?

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

12. Antwoord **waar** of **vals** op die volgende stellings:

    a. "Intelligensiekwosiënt" is een van die woorde wat juffrou Brom op die bord skryf. ________________

    b. Die woorde stort soos 'n waterval uit Dawid se binneste. ________________

    c. In die hakkelrympie word koffie met melk en suiker gedrink. ________________

(3)

**Totaal: 15 punte**

# Elton amper-famous April en Juffrou Brom
# Memoranda: Toetse

## Afleidings en voorspellings

In hierdie toets gaan dit oor die ontwikkeling van die leerder se eie denke en redeneervermoë. Enige antwoorde wat sin maak, is dus korrek.

## Spel-Wel-kompetisie

1. gebeure
2. bourgeoisie
3. interessant
4. hiper
5. skeur
6. wanneer
7. vullis
8. vuurhoutjie
9. onhigiënies

Gebruik die rubriek vir die merk van die kletsrym.

## Redigering

Kondensmelkspuite R5
Wou jy nog altyd jou eie, héle blikkie kondensmelk drink? Vandag is jou kans! Net R20

1a. Lang vokaal, oop lettergreep, een klinker val weg.
1b. Kort, beklemtoonde vokaal in geslote lettergreep, konsonant verdubbel.
1c. Samestelling, een begrip, een woord
1d. kans

## Karakterisering deur handeling

Enige goeie voorbeelde en bladsye wat daarmee ooreenstem, kan reg gemerk word.

## Karakterisering deur dialoog

1. Letitzia
2. Gert-Jan
3. Wolles / Meneer Wolmarans
4. Lesedi
5. Elton
6. Dawid
7. Juffrou Brom
8. Elton se ma Beryl
9. Letitzia
10. Letitzia
11. Juffrou Brom
12. Terry / Slymbol
13. Juffrou Brom
14. Elton
15. Dawid
16. Mister Reddy
17. Juffrou Brom
18. Elton se ma Beryl
19. Wolles / Meneer Wolmarans

20. Mister Reddy

## Begripstoets

1. Hy wil ’n “backtrack” laat maak van ’n Elton John-CD, maar hy is bang vir Jireh, want hy is een van die “hoërskoollatte” wat gerook lyk.
2. Elton wil vir hom ’n Elton John-liedjie sing wanneer hy kom kuier.
3. Hy gebruik waarskynlik dwelms.
4. Sy naam staan in sy eie handskrif op die kolf geskryf.
5. Jireh
6. Want hy sing vrot, nie so mooi soos Pavarotti, die Italiaanse operasanger, nie.

7a. huil
7b. iemand slaan
7c. Dit reën so hard dat jy nie om jou kan sien nie.

8. G
   A
   C
   E
   D
9. Hy is te bang Jireh steek een van hulle met sy mes.
10. gewetenlose
